

# *Gered vanuit die Hel*

**Hoe kan jy die hel ontsnap?**



*Joas Natan*

## **‘n Woord vooraf**

Die skrywer het ‘n voorChristus en ‘n naChristus ervaring in sy lewe gehad. Die gedeelte van sy lewe voordat hy by Jesus uitgekom het is gekenmerk deur ‘n tradisionele kerkbenadering waartydens hy gereeld kerk bygewoon het, gekatriseer is en deur die betrokke denominasie aangeneem is as lidmaat. Hy het gedink dit is hoe ‘n mens se verhouding met God moet wees want hy het niks anders geken nie. Daar was niks van ‘n intieme ontmoeting met Jesus en ‘n verhouding met God nie. Hy het bittermin van die Heilige Gees geweet en het niks verstaan van ‘n verhouding met die Gees van God nie. God was vir hom soos ‘n noodwiel van ‘n voertuig. Hy het God gesoek wanneer dit vir hom gevoel het of die lewenseise te veel raak en nadat die krisis hanteer is het hy gemaklik sonder God gelewe. Daar was wel die meganiese preweling van ‘n gebed voor ete en die vinnige lees van ‘n stukkie uit die Bybel voordat hy gaan slaap het. Maar dit was al. God het in Sy groot genade ingegryp in die skrywer se lewe deur die lewenseise so oorweldigend te maak dat die skrywer gedwing is om sy onvermoë om die lewenseise te hanteer, voor God te erken en Sy liefdevolle Vader as Voorsiener te leer ken. Hy het vir sy Vader lief geword, hy het Jesus as sy Verlosser aangeneem en het die Heilige Gees inwonend in sy lewe toegelaat. Toe hy vanuit die dood in die ware lewe ingestap het, is hy diep aangegryp deur die lot van so baie ander sogenaamde Christene wat nog nooit waarlik by Jesus uitgekom het nie. Dit is mense wat valslik glo dat hulle saak met God reg is maar wie eintlik oppad is om die ewigheid in die hel deur te bring. Die deernis vir die verlore gaande siele was die inspirasie vir die skryf van hierdie boek. Indien jy glo dat jy nie een van hierdie mense is nie dien hierdie boek tog ‘n doel naamlik om jou van jou redding in Jesus te verseker en jou vreugde in Hom net nog ‘n maal vir jou te bevestig.

***Die Skrywer***

*18 November 2019*

## **Inhoudsopgawe**

<b>Inleiding</b>	<b>4</b>
<b>Uiteensetting van die struktuur van die boek</b>	<b>5</b>
<b>Deel 1: Voor die uitstorting van die Heilige Gees</b>	<b>7</b>
<b>Deel 2: Die Heilige Gees</b>	<b>53</b>
<b>Deel 3: Na die uitstorting van die Heilige Gees</b>	<b>73</b>
<b>Deel 4: Die Evangelie se verspreiding in 2018</b>	<b>87</b>
<b>Deel 5: Hoe kan jy wedergebore word en die doping ontvang?</b>	<b>91</b>
<b>Bronnelys</b>	<b>95</b>
<b>ISBN en Kopiereg</b>	<b>96</b>

### **Inleidende gebed:**

“Vader, Seun en Heilige Gees. U is alles. Wat is ons, ons wat mense is? Alleen in U, in ons eenheid met U is ons iets. Om van die niks wat ons sonder U is, tot die grootheid van eenheid met U te kom, is deur U moontlik gemaak. U weet alles. U weet waarom sekeres van ons U genade aanvaar en in Jesus, as die Seun van God, glo. U weet ook waarom so baie van ons luister, kyk en probeer sien, maar blind en doof en dood bly vir die Evangelie van Verlossing in Christus. Mag hierdie uiteensetting van menslike reaksies op U preke en wonders daartoe dien dat ons, ons soos in ‘n spieël sal sien. Gee asseblief dat ons onself sal herken in die persone wat U aanvaar en in U glo. Of maak ons oë oop dat ons, onself sal herken in die persone wat U verwerp en die Evangelie as sinneloos beskou. Mag die van ons wat U nie aanvaar nie, deur die voorbeelde van reaksies van ander op U preke en wonders, geraak word. Gebruik asseblief die gebeure wat U vir ons laat opteken het in U woord, om U te herken as die Messias, die Seun van God, wat vir die sondes van die wêreld kom sterf het. Mag ons wat glo, in ons geloof versterk word en mag die van ons wat tans verlore raak, soos rokende stompe uit die vuur van die hel geruk word.

**Amen!Amen!Amen!”**

## **Uiteensetting van die struktuur van die boek**

In die gedeeltes wat in die Bybel opgeteken is waar Jesus mense met Homself en Sy Evangelieboodskap aangeraak het, is verskillende reaksies van mense opgeteken. Sommige het Hom aanvaar as Messias, as die Seun van God, as Verlosser. Ander was weer onaangeraak en wou niks van Hom weet nie. Dan was daar ook die twyfelaars en dan ook die in wie die saadjie van geloof geplant is wat later tot volle wasdom van geloof in Jesus sou groei.

Die verhale wat hier opgeteken word, is nie noodwendig 'n volledige lys van verhale nie. Daar mag insidente wees wat nie opgeteken is nie. Nietemin sal daar genoeg verhale wees sodat die meeste lesers met een of meer daarvan sal kan identifiseer. Dalk sal daar nie altyd 'n persoonlike identifikasie met persone in die verhaal wees nie. Soms mag familie en vriende herken word in die verhale. Mag daar nietemin 'n passie vir die redding van die siele wat tans verlore raak, opgewek word.

Die verhale is almal gebaseer op werklike gebeure in die Bybel. Sover moontlik word by die feite soos in die Bybel verstrekk, gehou. Soms sal aanvullende bronne gebruik word om meer besonderhede te verstrekk. Daar sal gepoog word om Bybels feitelik korrek te skryf. Die meeste van die verhale is in die Bybel objektief opgeteken vanuit 'n beskrywende hoek. Wat die onderhawige boek anders maak, is die hoek waaruit die verhaal aangebied word. Daar word gepoog om sover as moontlik van die hoorder se perspektief gebruik te maak. Dit wat die hoorder gehoor en ervaar het, word gerapporteer. Soms sal van logiese en redelike afleidings van wat 'n persoon mag gehoor en gevoel het, gebruik gemaak word.

Die eerste gedeelte van die boek sal handel oor preke en wonders van Jesus waartydens persone individueel tot geloof in Jesus gekom het.

Dan sal enkele voorbeelde verskaf word waar mense individueel Jesus as Verlosser afgewys het.

Daar is min geleentehede waartydens Jesus met 'n groep gehandel het en die groep uitdruklik tot geloof in Hom gekom het. Die meeste geleentehede waar dit wel voorgekom het, sal bespreek word. Dit mag ook wees dat van die persone wat individueel deur Jesus tot verlossing gelei is van die mense wat in groepsverband deur Jesus toegesprek is. Dit is mense in wie se harte die saadjie van geloof geplant is en wie later tot geloofsoortuiging gekom het.

Daar is ongelukking ook geleentehede waartydens Jesus deur 'n groep toehoorders verwerp is. Ook hiervan sal voorbeelde hanteer word.

Ten slotte sal oorsigtelik oor die aanneming en verwerping van Jesus geskryf word na aanleiding van die voorafgaande. Die doel sal wees om mense wat tans onverskillig teenoor Jesus staan of lou is, of aan Hom as Verlosser twyfel, 'n nuwe kans op die verkryging van die Ewige Lewe te bied.

Na die beskrywing van 'n insident sal dikwels kommentaar daarop gelewer word.

Die boek word in vyf dele verdeel: Die eerste gedeelte gaan oor gebeure voor die uitstorting van die Heilige Gees, dan volg daar aantekeninge oor die wonderwerking van ons geliefde Heilige Gees. Die derde gedeelte handel oor insidente na die uitstorting van die Heilige Gees, gevolg deur 'n vierde gedeelte wat handel oor hoe die verspreiding van die Evangelie oor die wêreld vandag lyk. Die boek word afgesluit met die vyfde gedeelte met 'n kort praktiese uiteensetting van hoe jy wedergebore kan word en deur die Heilige Gees gedoop kan word.

## **Deel 1: Voor die uitstorting van die Heilige Gees.**

Ons begin dan met die eerste voorbeeld van hoe Jesus met 'n individuele vrou bemoeienis gemaak het en hoe sy tot geloof in Jesus gekom het.

### **Slegte vrou van Sigar**

**(Joh.4)**

“Ek kom van 'n klein dorpie af. Die naam van die dorpie is Sigar. Hierdie dorpie is in Samaria. Vir die wat nie met ons bekend is nie, is dit nodig dat ek net so 'n bietjie meer van die Samaritane vertel. Samaria is omtrent so 40 kilometer lank. Dit lê omtrent in die middel van Israel. Lank gelede, in die tyd van die Ou Testament, het hier Israëliete gewoon. Die koning van Assirië het egter 'n klomp heidene hier by ons laat kom woon en ons het met hulle vermeng geraak. Vandaar dat die ander stamme van Israel so op ons neergesien het.

Ek was getroud, vyf maal, maar dit het nie vir my gewerk nie. Toe kry ek maar sommer 'n man wat by kom bly het. Jy weet mos ' *No strings attached*'. Omdat ons geriewe in ons dorp, Sigar, maar min is, moes ons soos baie ander minderbevoorregtes ons water aandra. Daar was gelukkig 'n put nie te ver van ons dorp af nie. Soos dit maar gaan was dit my straf om water aan te dra na ons huisie toe. Vanweë die skindertonge het ek verkies om maar so op die warmste van die dag te gaan water haal, want dan het die ander vroue nie put toe gekom nie. So kom ek eendag so teen die middag met my emmers by ons put aan om te gaan water haal. Wie sal ek daar aantref? Niemand anders as 'n moeë Jood nie. Jy kon sien hy het ver geloop die dag. Ek wou net my waterkan volmaak en maak dat ek wegkom toe hy met my praatjies begin maak. Dit was vir my snaaks want normaalweg sien die Jode so op ons neer dat hulle nie met ons praat nie. Dan was ek nog 'n vrou ook, nog 'n verdere diskwalifikasie. Iets was egter anders aan hierdie man en ek het geweet dat hy nie soos die meeste mans net in een ding belangstel

nie. Daarom het ek maar na sy storie begin luister. Hy wou hê ek moet vir hom water gee. Op die plek het ek my vir hom vererg en hom goed reggesien. Ek is maar ‘n *cocky* mens. Mans sal my nie rondstoot nie. Nietemin het hy aangehou om met my mooi te praat. Hy het snaakse goed met my begin praat oor water wat hy kwansuis vir my kan gee, hy wat nie eers ‘n skepding en ‘n tou gehad het nie. So het ons begin gesels en later het ek begin dink dat as ek van die ‘lewende’ water kan kry, waarvan hy praat, dit nogal gerieflik sal wees, want dan hoef ek nie in die warm son die water aan te dra nie. Net toe ek in sy water begin belangstel, kom die groot verrassing: Hy begin my toe van my privaatlewe vertel asof hy my goed ken. Hy vertel my toe van my mislukte huwelikke en van die ou wat by my bly. Soos ons aanhou gesels het, was dit asof die skille van my oë afgeval het. Ek het besef dat hy ‘n profeet is. Geleidelik het ek tot geloof in Hom gekom en ek het net geweet dat Hy die Messias is, die Een vir wie ons wag. Ek het dadelik sonder my waterkan, teruggegaan dorp toe en die mense vertel van die buitengewone man. Ek dink van hulle het my geglo toe ek vertel dat Hy die Messias kon wees. So het baie mense Hom as Messias erken en Hy het 2 dae in ons dorpie Sigar gebly voordat Hy en Sy vriende weer vertrek het. Waarlik Hy was reg. Daar het in my binneste ‘n fontein van lewende water ontspring. Ek het net oorgeborrel van hierdie heerlike wete dat Hy, Jesus, ons Messias is. Ek kon nooit weer ophou om ander van Hom te vertel nie. Al die ou nonsens dinge van my lewe het dan ook tot ‘n einde gekom”

### **Kommentaar**

Dalk het jy, soos die vrou van Sigar, in een of ander sonde verval. Dalk het jy ook aan jou selfpogings begin wanhoop. Dalk het jy maar aanvaar dat jy nou maar eenmaal sleg is en dat daar vir jou nie hoop tot redding en ‘n beter lewe is nie. Of dalk het jy uit hierdie verhaal moed gekry en sien jy nou ook kans om by Jesus die *water van die lewe*, Sy genade en vergifnis, gratis te kom kry. ‘*No strings attached.*’



## Nataniël

(Joh.1:49)

“My naam is Natanael. Dit beteken *God het gegee*. Eintlik is dit my bynaam. My regte naam is Bartolomeus wat beteken *seun van Tholmai*. Ek kan sê dat God my bynaam waar gemaak het, waarlik God het groot genade gegee. My lewe was maar ‘n doodgewone lewe totdat Filippus eendag my aan ‘n besondere man voorgestel het. Toe Filippus met my kom praat het, was ek onder ‘n vyeboom. Toe het hy my van die man vertel. Hy was so opgewonde oor hierdie man. Hy het met oortuiging gesê dat dit die persoon is van wie Moses gepraat het en van wie die profete geskryf het, die Messias. Toe het hy verklaar: *Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef*. Ek het ernstige bedenkinge oor hierdie saak gehad.’ *Kan daar iets goeds uit Nasaret kom?*’ Ek het nietemin besluit om te gaan kyk hoe hierdie man lyk, aangesien Filippus so oortuig geklink het. Toe ek Hom die eerste keer sien, voordat ek ‘n woord kon uitkry, toe ek nog besig was om nader te kom sê Hy:’ *Hier is ‘n ware Israëliet, ‘n man in wie geen bedrog is nie.*’ Ek weet dat ek my lewe lank opreg voor God probeer leef het, maar dat Hy my lewenspassie so kon uitspel, voordat Hy my nog ontmoet het, het my voete onder my uitgeslaan. Toe ek Sy oë sien, die liefde daarin, het ek my hart verloor op hierdie Man. Die seël op my oortuiging dat Hy die Messias is, was toe Hy vir my vertel van hoe Hy my onder die vyeboom gesien het toe Filippus my van Hom kom vertel het. Al wat ek in aanbidding kon uitkry was: **‘Rabbi, U is die Seun van God: U is die Koning van Israel!’** Nou ja, die res is geskiedenis. Ek het Hom as my Verlosser aanvaar, my lewe vir Hom gegee en Hom op sy aardse wandeltog gevolg totdat Hy gekruisig is. Na Sy opstanding en die uitstorting van Sy Heilige Gees op ons, Sy dissipels, het ons die hele wêreld van Hom gaan vertel. Wat ‘n voorreg was dit nie.”

## **Kommentaar**

Is jy ook 'n opregte en eerlike mens vir wie wit, wit is en wie swart, swart is? Kan mense in jou lewe jou opregtheid sien. Is dit wat jy in jou hart voel dieselfde as wat jy sê en doen?

Weet dan dat Jesus dwarsdeur jou kyk, dat Hy jou opregtheid en reinheid van hart raaksien al weet Hy dat jy nie volmaak is nie en ook foute begaan. Weet dat Jesus jou besonderlik liefhet. Hy het jou nie net lief nie, Hy wil Sy Gees vir jou gee. So wil Hy jou toerus om kragtig vir Hom te werk en te getuig.

## Nikodemus

(Joh.3:16. Joh.7:50 en Joh.19:39)

My naam beteken *Oorwinnaar van die volk*. Waarom ek 'n Griekse naam gekry het, weet ek nie. Van kleintyd af het ek adademies uitgeblink. Dit was vir my net maklik om te leer. Dit het dan ook logies gevolg dat ek 'n Fariseër en 'n Skrifgeleerde sou word. Spoedig het ek leierseenskappe getoon. Dalk was dit omdat ek daarvan gehou het om vir myself te dink en nie altyd net die massa te volg nie. Die eer om in die regering van ons volk te dien het my te beurt geval toe ek op die Sanhedrin begin dien het. Net toe ek gedink het my lewe is nou mooi agtermekaar het **die** man in my lewe ingekom. Ek het van hom gehoor dat hy 'n uitsonderlike prediker is, dat hy mense gesondmaak en dat sommige beweer dat hy die Messias kan wees. Omdat my kollegas hom soos gif gehaat het, het ek besluit om in die geheim een nag na hom toe te gaan en hom oor sy leer uit te vra. Hy het my oorweldig. Ek, wat self 'n skrifgeleerde is, het soos 'n kind aan sy voete gesit. Sy kennis was Goddelik en ek het my laat leer. Hy het van dinge gepraat waarvan ek niks geweet het nie, dinge soos die wedergeboorte. Ek het later geweet dat dit nie 'n mens is wat voor my sit nie, dit moes die Seun van God wees. Ek het gevolglik Hom as Verlosser aanvaar en 'n geheime volgeling van Hom geword. Ek was in 'n moeilike posisie as leier van my volk en as geheime volgeling van Hom. Nietemin het ek Hom tog verdedig en vir my kollegas gesê dat as die Man nie die Messias is nie, alles gou sou oorwaai. Ten slotte was dit my voorreg om Sy liggaam na Sy dood, saam met my vriend Josef van Armita, te versorg en vir Sy begrafnis voor te berei. Ai! As julle net kon gesien het hoe verwoes Sy liggaam was. Die pyn wat Hy moes gely het, moes ontsettend gewees het. Ons het nietemins Hom met geurolie gesalf en Hom in doeke toegedraai. Dit moes alles vinnig plaasvind want die Sabbat was ophande. Gelukkig het my vriend sy tuingraf beskikbaar gemaak en kon ons Hom daarin weglê. My hoogste eer het aangebreek na Sy opstanding toe ek vir Hom 'n dissipel kon wees.

## **Kommentaar**

Is jy ook 'n geheime agent vir Jesus? Dien jy Hom Sondag in die kerk, in jou binnekamer en tussen ander gelowiges. Raak jy ook neutraal wanneer jy tussen manne van die wêreld kom en steek jy dan die feit dat jy Hom ken, weg? Weet jy, mens, dat Hy gesê het dat indien jy Hom tussen mense sal ontken Hy jou ook voor Sy Vader in die hemel sal ontken? Mag ons Hom wat Sy alles vir ons gegee het, so behandel? Mag ons Sy liefde so beantwoord?

## Martha

(Joh. 11:1,19 en Lukas 10:38 en Mat. 26:6 )

“My naam beteken *Meesteres*. Dalk het my ouers toe hulle vir my die naam gegee het intuïtief iets geweet van wat later in my lewe sal gebeur, want ek het die *Meester* later in my lewe baie lief gekry. *Meester* en *meesteres* het immers iets met mekaar in gemeen. Ek moet julle iets meer van my gesin vertel anders sal julle nie mooi verstaan nie. Ek, my broer, Lasarus, en my suster Maria het in een huis gewoon in die dorpie Betanië, digby Jerusalem. Ons het in my huis gebly omdat ek die oudste van die drie van ons was. Ons het ‘n gemeenskaplike vriend gehad vir wie ons baie lief was. Sy naam was Jesus. Hy en Sy gevolg het dikwels by ons tuisgegaan. Ons het geweet dat Hy die Messias is maar was nog baie onkundig oor die *dinge van die Weg* soos dit genoem is. Omdat ek so lief vir Jesus was, het ek Hom na die beste van my vermoë versorg. Ek moet erken my moederinstink en my verantwoordelike sin as huisvrou het soms swaarder geweeg as die dinge waarvoor Jesus so graag gepraat het, wanneer Hy ons van Sy, en ons Vader in die hemel, vertel het. Hy het my eendag tereggewys en gesê dat ek onnodig bekommerd is oor baie dinge wat nie werklik so belangrik is nie. Hy het my met my suster Maria vergelyk en gesê dat Maria die dinge wat werklik saak maak raakgesien het. Dit was toe ek Hom versoek het om Maria tereg te wys omdat sy nie met die voorbereiding van die maaltyd gehelp het nie maar net by Hom gesit en luister het soos Hy hulle van die ewige dinge vertel het.

Een dag het ‘n verskriklike ramp ons getref. My broer, Lasarus het ernstig siek geword. Hy was so siek dat ons gevrees het hy gaan sterf. Daarom het ons Jesus dringend laat roep. Ek moet sê dit was die een geleentheid dat ek in Jesus teleurgestel was. Hy het nie dadelik gekom nie. Die gevolg was dat my broer Lasarus gesterf het. Ons het hom toe maar in ‘n graf weggeleë. Toe Jesus na 4 dae opdaag kon ek nie help om Hom te verwyt nie. Ek het vir Hom gesê dat as

Hy hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Jesus het egter 'n groot plan met alles gehad want Hy wou ons geloof in Hom versterk. Jesus het van die ewige lewe gepraat en gesê dat my broer sal opstaan uit die dood. Tog het Hy ook verder bedoel dat Hy Lasarus gaan laat opstaan uit die dood nou en hier. Ons wou nog keer dat Jesus na die graf toe gaan, want Lasarus het al geruik. Tog het Jesus daarop aangedring dat ons Hom na die graf toe neem. Wat ek nou vir jou vertel het werklik gebeur. Glo dit, moenie twyfel nie: *Jesus het hard uitgeroep: Lasarus kom uit. Ons broer het uit die grafkelder gestap gekom met die lappe nog om hom.* Ons was oorstelp van vreugde maar meer nog, ons het in aanbidding voor die Seun van God, ons Jesus, neergeval. Niemand kon nou nog twyfel of Hy die Seun van God, die langverwagte Messias, is nie. My direkte woord was:

*'Ja Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.'*

Ek wil julle graag van nog een insident vertel. 'n Week voor Jesus se kruisiging was Jesus weer by ons aan huis. Ek het soos gewoonlik bedien maar Maria, my suster, het 'n halfliter kosbare nardusolie gehad. Ek dink sy het dit gebêre vir 'n spesiale geleentheid. Die geleentheid was nou. Sy het die kosbare olie gebruik om Jesus se voete te self en het haar hare gebruik om die voete af te droog. Judas was erg ontsteld dat die olie op Jesus se voete vermors is en het teen haar te velde getrek. Jesus het vir haar in die bres getree en gesê dat Maria Hom vir Sy begrafnis gesalf het. Hy het ook gesê dat waar die Evangelie ook al in die toekoms verkondig sal word, daar van haar melding gemaak sal word. (Ek weet Matteus vertel hierdie gebeure 'n bietjie anders. Moenie dat dit jou laat twyfel nie. Jesus is die Messias wat vir ons sondes kom sterf het. Hy het opgestaan.)

Ons hart was ontsteld toe ons sien hoe die Jode, Skrifgeleerdes en Fariseërs iets teen ons Jesus gesoek het waaroor hulle Hom kon doodmaak. Lasarus se opstanding was vir hulle ook 'n

probleem en daar was sprake daarvan dat hulle vir Lasarus saam met Jesus wou doodmaak. Die verdere verloop van gebeurtenisse is aan jou bekend; hulle het toe iets teen Jesus gefabriseer en die skare is opgesweep om vir Sy dood te vra. So is Hy dan ook gekruisig. Maar Hy het ook opgestaan uit die dood net soos my broer Lasarus.

### **Kommentaar**

Is ons nie dikwels soos Martha besig met dinge wat nie wesentlik belangrik is nie. Daar is 'n Latynse uitdrukking:

*Aquila non captat muscas*

wat beteken:

*Arende jaag nie vlieë nie*

Is ons nie dikwels besig om ons met vlieë besig te hou terwyl God soveel meer vir ons in gedagte het nie. Hy wil hê ons moet soos arende sweef en ons met dinge besig hou wat die moeite werd is.

Die aangrypende gebeure om Martha, haar geloof in Jesus, haar stryd om 'n balans tussen die verpligtinge van die daaglikse lewe en 'n lewe van toewyding aan Jesus te kry, is ook maar dikwels ons verhaal op hierdie aarde.

Die verhaal van Martha word breedvoerig vir ons opgeteken. Daar is ook 'n ander verhaal van 'n vrou breedvoerig opgeteken. Hierdie verhaal het 'n minder positiewe einde gehad. Dit is die verhaal van Eva en hoe sy die eerste mens geword het om in sonde te val. In 'n sekere sin vervang Martha se verhaal die verhaal van Eva. Eva se mislukking word met die blye verhaal van die redding van Martha, en haar goeie dade teenoor Jesus, vervang. Is dit dan dat haar naam so naby die naam van haar Meester lê; *Meesteres* teenoor *Meester*?

As jy kan glo dat Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het, is jy naby aan jou eie opstanding uit die sondedood. Dit is dan maklik om te glo dat Jesus uit die dood uit opgestaan het. Dit is dan ook moontlik om te glo dat Hy, wat uit die dood opwek, Self uit die dood opgestaan het. Hy is in staat is om jou ook uit die dood te laat opstaan om vir ewig saam met Hom te lewe.



## **Die regeringsamptenaar**

**(Mat. 8:5, Lukas 7:9 en Joh. 4:54**

**(Hierdie weergawe is ‘n samestelling van die drie weergawes )**

“Ek verkies om naamloos te bly. Wat ek wel kan sê is dat ek ‘n Romeinse offisier is. Ek is gestasioneer te Kapernaum. Verder het ek ‘n deernis vir die Jode, waarom weet ek nie. Ek het selfs sover gegaan om uit my eie sak vir hulle ‘n sinagoge te bou. Ek dink die Jode het ook van my gehou, seker omdat ek so baie vir hulle gedoen het. Ek het ook soos baie mense in ons omgewing gehoor van die nuwe profeet wat in ons omgewing doenig is. My seuntjie het baie siek geword en ons het die beste mediese sorg vir hom gekry maar hy het nie gesond geword nie. Hy het so ernstig siek geword dat ek geweet het dat dit net ‘n wonderwerk sal wees as hy gesond word. Van dit wat ek van die profeet gehoor het, het ek geweet dat Ceaser nie die God is nie, al is van ons verwag om hom as god te eer. Ek het geweet dat hierdie profeet nie die wonders kon doen as hy nie van God gestuur was nie. Omdat ek myself nie waardig geag het nie, het ek van my Joodse vriende gevra om met die profeet te gaan praat en om hom te vra om my seuntjie gesond te maak. Ek het besef dat dit ongeleë vir my, as ‘n Romeinse offisier, sal wees om by die byeenkoms van Jode by die profeet op te daag. Verder het ek besef dat dit miskien vir die Joodse profeet ongemaklik mag wees om in ‘n Romeinse heiden se huis in te gaan en daar genesingswerk te doen. Daarom het ek ‘n boodskap na die profeet toe gestuur en vir hom laat weet dat hy maar net die woord van genesing kan spreek, en dat ek weet my kind sal gesond word. Later het ek gehoor dat die profeet beïndruk was met my geloof in hom. Die profeet het gedoen soos ek versoek het en het gesê dat my kind gesond moet word. Op presies daardie oomblik het my kind gesond geword. Toe het ek geweet dat die profeet, Jesus is, die Seun van God. So het ek en my hele gesin tot geloof in die Messias gekom. Die profeet het nou my Verlosser geword.”

## **Kommentaar**

Hierdie verhaal spreek veral van liefde en geloof. Die liefde van die Romeinse offisier vir die Jode, val op. Sy liefde vir sy seuntjie dring hom tot ongewone optrede. Sonder geloof in Jesus se liefde vir mense, en veral kinders, sou die offisier nie vir Jesus gevra het om sy kind gesond te maak nie. Die deernis van Jesus vir die man, wat vir sy kind se lewe kom pleit, het Jesus diep aangegryp. Veral die geloof van 'n heiden, in teenstelling met die ongeloof van so baie Jode, het 'n diep indruk op Jesus gemaak. Daar is so baie wat ons uit hierdie verhaal kan leer soos: *Jesus is die Almagtige Seun van God. Hy is liefdevol en vol deernis. Hy respekteer geloofsvertroue in Hom en is bereid om mense wat in Hom glo, van watter volksverband ookal, te help en te verhoor. Jy hoef nie 'n perfekte Christen te wees om guns by Jesus te kry nie. Liefde en geloof in Hom is voldoende kwalifikasie om Hom jou Verlosser te laat word.*

## **‘n Vrou in owerspel betrap**

**(Joh. 8:3)**

“Weet jy hoe dit voel om ter dood veroordeel te word en weggelei te word om jou doodstraf te ontvang? Wel ek het dit ervaar. Ek het ‘n verskriklik verkeerde ding gedoen en die mense het my uitgevang. Die straf daarvoor was om met klippe doodgegooi te word. Daar was geen hoop vir my nie; ek was skuldig en dit was my straf. Terwyl hulle my so weggelei om my te gaan stening, het daar die wonderlikste ding in my lewe gebeur. Kom ek vertel jou daarvan.

In die tyd toe hierdie dinge met my gebeur het, was daar ‘n prediker in ons dorpie doenig. Sy naam was Jesus. Hy het baie wonderlike dinge gedoen en daar was mense wat gedink het dat hy ons verwagte Messias, die Seun van God is. Voordat ek regtig kon besluit wat ek van hom dink het die lelike ding met my gebeur. Terwyl hulle my weggelei om gestening te word, het hulle my eers na hierdie profeet toe geneem om te hoor wat hy van my en my oortreding te sê het. Ek dink hulle het iets teen die profeet gesoek en hulle het gehoop dat hy iets anders as ons wet se voorskrifte sou sê, sodat hulle iets teen hom kon kry. So bring hulle my toe voor hom met die woorde:

*‘Meneer, hierdie vrou is op heterdaad betrap waar sy owerspel gepleeg het. Moses het ons in die wet beveel om sulke vroue te stening, maar u, wat sê u?’*

My hart het in my skoene gesak. Daar was geen hoop vir my nie. Wat kon die profeet anders sê as om wat Moses gesê het, te bevestig?

Almal se oë was op Jesus. Hy het net gebuk en in die sand met sy vinger geskryf. Vandag nog wonder ek wat hy in die sand geskryf het. My aanklaers het aangehou dat Jesus ‘n uitspraak moet maak. Toe kom hy regop en sê vir hulle:

*‘Laat die een van julle wat ‘n skoon gewete het, eerste ‘n klip op haar gooi’*

Dit was die eerste keer dat ek begin moed kry het. Waar sou hy die wysheid vandaar gekry het om hulle so te antwoord?

Toe het hy weer gebuk en op die grond begin skryf. Geleidelik het my aanklaers een vir een begin weg beweeg. Elke keer as een geloop het, het daar 'n bietjie meer moed in my gekom. Later was al my aanklaers weg, met nog net die kring mense om ons en Jesus wat toe regop gekom het. Toe vra hy vir my:

*‘Mevrou, (met respek, kan jy dit glo, na alles wat ek gedoen het) waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?’*

Toe het ek verseker geweet dat hierdie Jesus, die Seun van God is, dat Hy waarlik die Messias is, dat net Hy die Verlosser soveel wysheid kon gehad het. Alles wat ek begin glo het, is bevestig in die volgende woorde wat Hy gespreek het:

*Ek doen dit ook nie (voltrekking van oordeel). Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.*

Wie anders as God se Seun kan van sonde vryspreek? Ai, die liefde in Sy oë. Ek sal dit nooit vergeet nie. Omdat ek Hom so lief gekry het, het ek my verkeerde lewe gelos en vir Hom begin lewe. Dankie Jesus.”

### **Kommentaar**

Wie van ons begaan nie foute nie? Waarom is ons dan so gretig om vinnig oor ander te oordeel? Waar is die liefde wat ander kan vryspreek veral as hulle teenoor ons oortree het?

Hoe kan ons verwag dat Jesus ons sondes moet vergewe wanneer ons ander so moeilik vryspreek? Moet ons nie dalk maar die gebalde hande om die klip oopmaak, die klip laat val, en ons hand in liefde en genade na ander sondaars uitsteek nie?

## Die blindgebore man

(Johannes 9)

My verhaal moes belangrik gewees het. Later is my verhaal breedvoerig in die Bybel opgeteken. Bykans 'n hele hoofstuk word aan my afgestaan. Dit was Johannes se siening van wat met my gebeur het. Kom ek vertel jou hoe ek dit ervaar het.

Ek is blind gebore. Ek kon nooit sien nie. Ek het nie geweet hoe my ma lyk nie, ek kon nie kleure voorstel nie want ek het nog nooit enige kleur gesien nie. Ek het aan sekere dinge geraak en dan kon ek so 'n bietjie van 'n denkbeeld vorm van hoe dit lyk. Dit was 'n moeilike slegte lewe want alles in die lewe is ingerig vir mense wat kan sien. Ek kon nooit opleiding kry om iets te leer doen nie want ek kon nie sien nie. Ek is van my geboorte af bestem om te bedel en van aalmoese te lewe. Dit was 'n hondelewe gewees. Ek het niks verstaan van waarom ek vir so 'n lyding en vernedering uitgesonder is nie. Ek sou dit eers later leer verstaan. Ons was nietemin kerkmense. Vir my ouers en vir my was dit belangrik om aan die tradisionele Joodse geloof te behoort. Ons het die tempel besoek, die Fariseërs en Skrifgeleerdes geëer en soos goeie Jode geleef.

Mense het nie eintlik met my gepraat nie maar wel oor my gepraat. Daarom was dit nie vir my snaaks toe 'n sekere profeet Jesus en sy gevolg my bespreek het sonder om my te groet of met my te praat nie. Ek het gehoor hoe die profeet se aanhangers hom vra wie nou eintlik gesondig het, ek of my ouers, dat ek so gestraf is met blindheid. Ek het self al hieroor gewonder. Die verrassende antwoord van die profeet was dat dit nie ek of my ouers was nie. Hy het 'n onverklaarbare iets gesê:

*Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.*

Ek sou spoedige verstaan wat hy hiermee bedoel het. Toe ek weer hoor, hoor ek iemand spoeg op die grond. Dit was die profeet. Ek hoor toe hy is besig om met die grond te froetel. Al die tyd was hy toe besig om 'n kleiballetjie van die spoeg en grond te maak. Die volgende oomblik voel ek sy teenwoordigheid aan, somer hier by my. Ek het 'n bietjie geskrik toe ek voel hy raak aan my oë. Al die tyd was hy besig om die klei aan my oë te smeer. Ek sal nooit die aanraking van sy hande vergeet nie. Dit was sag en warm. Uit die aanraking kon ek die liefde voel. O as ek nog net eenmaal daardie wonderlike aanraking kon ervaar. Maar dit is nie waarom ek wil praat nie. Hy het gesê ek moet my in die Siloambad gaan was. Ek moes die modder iewers gaan afwas en kon maar net sowel na die Siloambad toe gaan. Daar gekom het ek my oë in die koel water afgespoel. Die wonderlikste, die grootste, die onbeskryflikste het gebeur nadat ek my in die Siloambad gaan was het: **Ek kon sien !** Geen mens wat nie van geboorte af blind was en toe skielik kon sien, sal weet wat dit beteken nie. Ek wil nie eers daarvan begin vertel nie want ek sal nooit kan ophou nie. Ek het my teruggehaas na die plek waar ek die profeet laaste gesien het. Hy was nie daar nie en ek het nie geweet waar hy is nie. Die mense wat my al die jare as 'n blinde geken het was erg verbaas dat ek nou kon sien. Natuurlik was daar ook mense wat gesê het dat ek nie die blinde mens is nie maar net na hom lyk. Gelukkig kon ek hulle reghelp. Al wat ek kon sê is:

*' Dit is ek '*

Skielik was ek die middelpunt van belangstelling. Die mense het my na die Fariseërs toe geneem omdat ek op die Sabbatdag genees is en my op die Sabbatdag in die Siloambad gaan was het. Die Fariseërs is slim en geleerde mense wat alles probeer verstaan en verklaar. Hulle wou dadelik by my weet hoe dit gekom het dat ek kon sien. Toe ek hulle vertel wat Jesus vir my gedoen het wou baie van hulle my nie glo nie. Daarom het hulle my ouers laat kom en hulle oor my blindheid uitgevra. Soos reeds gesê, ons was tradisionele Jode en aanbiddinge in die sinagoge was vir ons belangrik. Die Fariseërs het omtrent alles om die sinagoge beheer. Omdat

die Fariseërs erg teen Jesus gekant was, was my ouers bang om eer aan Jesus te gee. Hulle het die Fariseërs weer na my toe verwys.

Toe het die moeilikheid begin. Die Fariseërs wou my dwing om Jesus te ontken as die groot geneesheer wat my gesond gemaak het. ‘n Krag en wysheid het oor my gekom. Ek het gepraat soos ek nog nooit gepraat het nie. Ek het insigte gekry wat ek nog nooit gehad het nie. Ek was selfs heel astringent met die Fariseërs en wou by hulle weet waarom hulle my so uitvra of hulle ook aanhangers van Jesus wou word. Hulle het nie daarvan gehou nie. Ek het voortgegaan en Jesus verdedig met woorde wat nie my eie was nie. Hulle het so kwaad geword dat hulle my uitgeban het. So het ek vir Jesus begin ly nog voordat ek seker was dat ek in Hom as Messias geglo het. Jesus het gehoor dat hulle my uitgeban het en het my kom opsoek. Nou wil ek julle vertel van ‘n nog groter geskenk as my oë wat ek toe van Jesus ontvang het.

Jesus vra toe vir my:

*Glo jy in die Seun van die mens?*

Al wat ek kon uitkry is:

*Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?*

Toe kom hierdie ongelooflike woorde van Jesus:

*Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat.*

Toe het ek die mooiste woorde wat ‘n mens op hierdie aarde kan sê, gesê:

***Ek glo Here!***

Ek het hom toe aanbid en met my nuwe oë kon ek sien: Sy oë, die liefde in daardie oë, die deernis, die vriendelikheid, die goedheid. Op daardie oomblik het ek geweet my lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.

## **Kommentaar**

Baie van ons kan met ons fisiese oë sien. Ons is egter blind vir dit wat ons eintlik behoort te sien. Soos Eva sien ons die sintuiglike en dit wek by ons allerlei begeertes op. Ons streef daarna, ons werk daarvoor en dit word ons lewens. Dit word ons afgod. Sommige van ons het deur genade ons oë opgehef, ons sien die onsienlike, die dinge daar Bo. Ons verlang na Jesus se wederkoms en ons hou die wolke dop. Mag ons soos die blinde man almal kan uitroep: **Ek glo Here!** Mag ons Hom nie net sien kom nie, maar mag ons ewig Sy wonderlikheid aanskou.



## Maria Magdalena

(Joh. 20:16 en Lukas 24)

Ons is 'n hele paar Maria's. Om my van die ander te onderskei noem hulle my Maria Magdalena. Die Magdalena kom van my tuisdorp Magdala af. *Magdala* beteken *toring* of *vesting*. Eintlik is my regte naam in Hebreeus *Mirjam*. Die betekenis van *Mirjam* word moeilik verklaar.

Eintlik moes ek nooit in die Bybel opgeteken gewees het nie. Wie wil nou van 'n vrou lees uit wie 7 duiwels uitgedryf is? Let wel 7. Jy kan dink hoe deurmekaar my lewe was voordat Jesus die duiwels uitgedryf het. So gebeur dit toe dat ek 'n groot liefde vir Jesus ontwikkel omdat Hy so 'n groot ding vir my gedoen het. Sou jy nie ook bly gewees het as jy uit die kloue van satan verlos kon word nie? Jesus het my 'n nuwe lewe gegee en omdat Hy dit gedoen het, kon ek nie anders as om die res van my lewe aan Hom te wy nie. Nadat Hy die 7 duiwels uitgedryf het, het ek Hom gevolg. Ek is so lief vir Hom.

Waarom Hy my uitgekies het om so begenadig te word, sal ek nooit weet nie. Kom ek vertel vir jou van hierdie wonderlike gebeurtenis:

Ek was een van die vroue wat teenwoordig was toe ons Jesus gekruisig is. Die besonderhede van Sy kruisiging is te verskriklik om oor te vertel. Indien jy wil weet hoe dit was moet jy maar dit self gaan lees soos Matteus, Markus, Lukas en veral Johannes ( in Johannes 20), dit opgeteken het. Wat ek eintlik vir jou van wil vertel is dat ek by was toe Hy die eeste keer aan 'n mens verskyn het na Sy opstanding uit die dood. Hy is op Vrydag gekruisig. Vroeg die Sondagmôre het ek, die ander Maria en Johanna na Sy graf toe gegaan. Daar gekom het ek gesien dat die rots voor die opening van die graf weggerol was. Ek het my gehaas en dit vir die dissipels gaan vertel. Ek het vir hulle gesê dat hulle ons Jesus weggeneem het omdat Hy nie meer in die graf was nie. Petrus en Johannes het dadelik na die graf toe gehardloop. Johannes

was eerste maar het nie ingegaan nie. Toe kom Petrus en hy het ingegaan. Jesus se kopdoek was netjies opgevou soos wanneer iemand geëet het en die servet oprol en netjies neersit wanneer hy van plan is om weer terug te kom, aangesien hy nog nie klaar was nie. Toe die dissipels vir hulleself gesien het dat Jesus nie daar is nie het hulle teruggegaan na die ander dissipels toe. Ek het nog 'n rukkie by die leë graf vertoef. Skielik was daar 'n aardbewing en twee glinsterende jong manne het in die graf gestaan. Een het gestaan waar Jesus se kop gelê het en die ander by Sy voetenend. Hulle vra my toe wie ek soek. Toe ek vir hulle sê, het hulle my verseker dat Jesus opgestaan het en dat Hy leef en dat ek Hom nie meer by die dooies moet soek nie. Toe ek omdraai sien ek die tuinier en vra hom waar hy Jesus neergelê het. Toe die man omdraai het hy net een woord gesê: ***Maria !*** Toe ek Sy geliefde stem hoor het ek geweet dit is Jesus. Al wat ek kon uitkry was ***Rabboeni !*** Hy het toe vir my gesê ek moet die dissipels gaan vertel en vir hulle sê dat Hy hulle in Galilea sal ontmoet.

Ek het my dadelik na die dissipels toe gehaas en so die eerste mens geword wat die evangelieboodskap oorgedra het dat Jesus, die Seun van God, uit die dood opgestaan het. Snaaks dat God 'n vrou uitgekies het om die boodskap van die redding van die mensdom van sonde eerste uit te dra. **Kan dit wees om vir die vrou te wys dat Hy nie vir hulle kwaad is nie, al was die eerste sonde van 'n mens deur 'n vrou gedoen?**

**Kommentaar**

***Rabboeni Toda – Dankie my Leermeester !***

## Thomas

(Johannes 11:6, 14:5, 20:26)

“Thomas beteken in Aramees *tweeling*. Dit is dus logies om af te lei dat ek een van ‘n tweeling is. Van my boetie of sussie word nooit melding gemaak nie. Kom ek vertel jou eers ‘n bietjie van myself. Ek is ‘n praktiese ou. Jy weet mos een van daardie wetenskaplike persone in die tyd wat jy leef. Alles moet bewys word. As iets nie gesien en bewys word nie kan ek dit nie aanvaar nie. Dit het my hele lewe vir my gewerk tot eendag. Kom ek gaan net so ‘n bietjie terug. ‘n Man het ons lewens, ons wat vissers was, ingekom. Sy Naam was Jesus. ‘n Paar van ons het Sy dissipels geword want Hy het die wonderlikste lering gehad, heeltemal anders as die waaraan ons gewoon was. Hy het ook nie geleer soos die Fariseërs en skrifgeleerdes nie. Nee, daar was net iets anders aan hierdie man. Soms het mense gewonder of Hy nie dalk die verwagte Messias, die Seun van God, kan wees nie. Ek het nie so gedink nie. Die Seun van God sal immers almagtig wees en ek glo nie hierdie man is almagtig nie. Die groot toets van my lewe het na hierdie man se dood gekom. Nadat Hy aan die kruis gesterf het, het van die vroue drie dae later kom rapporteer dat Hy opgestaan het. Maria van Magdala het selfs beweer dat Hy met haar gepraat het. Ek het geweet dit is maar ‘n klomp ou vrou stories. Ek moet sê ek was ‘n bietjie onseker want ek het gesien hoe Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het, vier dae nadat hy gesterf het en reeds in die graf was. Ek het maar weer my eie pad begin loop en was nie by die ander dissipels wat bymekaar gebly het na Jesus se afsterwe nie. Toe kom hulle eendag by my met die storie dat Jesus waarlik opgestaan het en selfs aan hulle verskyn het. Soos gesê, ek is ‘n ou wat maar liever vir myself wil sien voordat ek iets sommer net glo. Toe sê ek vir hulle dat ek nie sal glo nie voordat ek nie die merke aan Sy hande en voete gesien en my hand in Sy sy gesteek het waar die Romein sy swaard ingestek het nie. So is ons uitmekaar uit. ‘n Week later was ek saam met die dissipels. Ons het maar die deur van die vertrek gesluit omdat ons bang was vir die Jode en die Romeine. Skielik het Jesus by ons verskyn. Hoe moet

jy my nie vra nie; Hy het net deur die muur gekom. My verstand het uitgehaak. So iets het nog nooit gebeur nie. Toe praat Jesus met my. Hy sê toe die direkte woorde wat ek vir die dissipels gesê het asof Hy my gehoor praat het. Hy sê toe ek moet my vinger bring en dit in die plek van die spykers in Sy hande en voete kom steek. Dan kan ek ook my hand in Sy sy steek. Ek het die wonde gesien en skielik het ek net geweet en geglo: hierdie man is die Seun van God. Hy is die Messias. Hy het uit die dood opgestaan. Of ek dit kan verklaar of nie, dit is 'n feit. Toe het ek verstaan wat Jesus lank terug bedoel het toe Hy vir ons gevra het, wie sê ons is Hy. Petrus het toe geantwoord dat Hy die Verlosser is, die Seun van God. Waarop Jesus toe gesê het dat op daardie waarheid sal die kerk gebou word. Skielik was ek deel van hierdie kerk, ek het geglo. Jy wat hier lees mag miskien soos ek ook 'n ongelowige Thomas wees. Kom ek help jou. Dit wat ek hier sê aangaande Jesus is waar. Laat die Heilige Gees toe om hierdie waarheid oor Jesus se opstanding uit die dood diep in jou hart te laat lewe. Moenie weerstand bied nie. Dit is die waarheid en dit sal die ewige lewe vir jou gee. Moenie soos ek tyd mors nie. Kom nou en aanvaar Hom as jou lewende Verlosser. Dit is die beste ding wat jy ooit kan doen.”

### **Kommentaar**

Nou is een van die oomblikke in jou lewe wat dalk nie weer gaan kom nie. Dit is nou die geleentheid om dit waar jy die ewigheid gaan deurbring te bepaal. Jy kan 'n keuse uitoefen. Jy kan kies om die waarheid van Jesus se dood en veral Sy opstanding te aanvaar en dit te glo. Jy kan ook dit vir jouself persoonlik aanvaar en weet dat Hy, Jesus, vir al jou sondes gesterf het en op die derde dag uit die dood opgestaan het. Jy kan weet dat jy ook vir jou ou sondige lewe hier op die aarde gesterf het en dat jy nou ook in Jesus lewe. Jy mag ook glo dat jy vir ewig by Hom sal wees om Sy liefdevolle teenwoordigheid vir altyd te smaak. Kies tog reg my boetie en sussie. **Moenie hierdie kans by jou laat verby gaan nie!**

## Petrus

### (Johannes 21:15)

Daar is seker nie nog iemand wat soveel name het as wat ek gehad het nie. Luister 'n bietjie na al my verskillende name: *Kefa, Cefas, Simon. Petrus, Simeon*. Toe Jesus my die eerste keer gesien het, het hy vir my gesê:

*Jy is Simon, seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word. ( Dit beteken dieselfde as Petrus, rots)*

My broer wie my na Jesus toe gelei het was Andreas, en my pa se naam was Johannes. Sommige mense het hom ook Jona genoem. Ons het in Betsaida gewoon. Later het ek na Kapernaum verhuis. Ons was redelik welaf en het ons eie skuite gehad. Alles was mooi in plek en ons het rustig en stil gelewe tot daardie dag. My broer, Andreas, het eendag by my gekom en gesê dat Hy die Messias gekry het. Hy het my dan ook dadelik na Jesus toe gebring. Daar was nie by my 'n probleem om Hom as Messias te aanvaar nie. Ek het net geweet dit is Hy. Ons het Hom dadelik begin volg. Min het ek geweet deur watter diep smarte my liefde vir hierdie Man my nog sou neem.

Van al my wonderlike ervarings die drie jaar wat ons bevoorreg was om saam met Hom op die aarde te kon beweeg, staan een besondere geleentheid vir my meer uit as die ander. Soos jy seker weet is ek maar 'n bietjie voortvarend. Toe Jesus ons voete begin was het om ons te wys hoe 'n ware leier lyk; dat hy altyd bereid is om die minste te wees en om te dien, het ek geweier dat Hy my voete moet was. Toe het Hy so mooi vir my verduidelik dat as ek nie toelaat dat Hy my voete was nie, ek nie deel aan Hom kan hê nie. Dit is die eerste keer dat ek die gelykenis van die Samaritaan wat deur die rowers aangeval is, verstaan het. Jy onthou mos nog toe Jesus vir die mense gevra het wie die naaste is van die persoon wat deur die rowers aangeval is. Toe

ek eers verstaan dat ek moet leer om genade te ontvang voor ek dit kan uitdeel, het ek Jesus gevra om sommer my voete **en** hande te was.

Ek hou nie eintlik daarvan om die volgende oor te vertel nie, maar ek moet dit doen om jou te help om Jesus lief te hê. Weet jy ek het hierdie lieflike Jesus van ons ontken? Kan jy glo dat ek driemaal gesê het dat ek Hom nie ken nie? In my voortvarendheid het ek gesê ek sal Hom nooit verlaat nie. Hy het my gewaarsku dat ek Hom gaan verloën en dat ek Hom in die nag waarin hy gevange geneem gaan word, driemaal sal ontken dat ek Hom ken. Dit sou gebeur nog voor die haan die tweede keer gekraai het. Natuurlik was Hy reg en dit het presies so gebeur. Toe ek beseft het wat ek gedoen het, kon ek net diep bedroef, skaam wegsluip na 'n plek waar niemand my kon sien nie. Dalk het jy ook al vir Jesus teleurgestel en was jy ook baie jammer vir wat jy gedoen het. Dan het ek vir jou goeie nuus. Jesus is nie soos ons mense nie. Hy is vol liefde en genade. Hy ken ons. Hy weet alles van ons af. Hy is so lief vir ons dat Hy Sy lewe vir ons afgelê het. So het Hy vir al ons sondes geboet. In ons plek is Hy gestraf, gepynig, verneder en kaal aan 'n kruis vasgespyker, langs 'n besige hoofweg. So het Hy al ons straf, ons vernedering, ons pyn vir ons sondes op Hom geneem. As jy Hom nie daarvoor kan liefhê nie, het satan dit reggekry om jou uit Sy hande los te ruk en vir homself te vat.

Wat ek eintlik wil sê is dat Jesus my vergewe het. Hy het my na Sy opstanding driemaal gevra of ek Hom lief het. Dit is al wat vir Hom saakgemaak het. Telkens het Hy Sy opdrag dan aan my herhaal dat ek mooi na Sy skape moet kyk. Dit was dan ook my lewenspassie die res van my lewe. Ek wil nie sê ek het nie weer foute gemaak nie, maar ek het Sy genade leer ken veral die krag van Sy Gees wanneer ons uit onself swak is en alles aan Hom oorgee. So het Hy my die krag gegee om Hom nie weer te verloën nie, selfs nie eers toe ek 'n martelaarsdood in Rome gesterf het nie. Alle eer aan Hom.

## **Kommentaar**

Genadiglik is daar vir ons ook vergifnis, ons wat so baie foute maak. Genadiglik is daar vir ons gebreke en swakhede ook hoop, soos vir Petrus na die uitstorting van die Heilige Gees. Toe het hierdie ou swak mannetjie, wie vir 'n diensmeisietjie teruggedeins het en Sy Here verloën het, sonder vrees opgestaan en vir sy Here getuig. Hy het so kragdadig getuig dat 3000 mense tot bekering gekom het. By Jesus is daar altyd hoop. Met die krag van Sy Gees is ons tot alles in staat. Mag jy ook toelaat dat Hy jou lei, jou bestuur en jou beheer. (Gal. 5)

## **Johannes –die dissipel**

### **(Evangelie van Johannes)**

“My naam is ‘n kombinasie van *Jahwe* en *Anna*. *Jahwe* is *God* en *Anna* beteken *genade*. My naam sê dus: *God is genadig*. Oor my hele lewe staan hierdie naam geskryf. Geen wonder dan ook dat ek en my broer Jakobus, die eerste twee dissipels van Jesus was nie. Ek was eers ‘n dissipel van ‘n ander Johannes, Johannes die Doper en hy het my na Jesus toe verwys aangesien hy nie self die Messias was nie. Eers was ons vissers saam met my pa Sebedeus. Ons was heel welaf en my pa het sy eie vissersboot gehad. Ons het selfs mense gehuur om ons te help. Ek dink my pa het die hoëpriester geken want ek kon toegang tot die terrein van die hoëpriester kry soos met die verhoor van Jesus. Wat my en my broer ook onderskei het is dat ons as *Boanerges* bekend gestaan het, dit wil sê *seuns van die donder*. Hieruit kan jy seker aflei dat ek nie altyd net die *apostel van die liefde* was soos ek algemeen bekend was nie.

Oor my hele lewe staan net geseënd geskryf. As ek dink hoe Jesus my uitgesonder het vir spesiale belewings kan ek net dankbaar wees. Kom ek vertel jou van die enkele hoogtepunte wat ek saam met Hom belewe het:

Ek was by toe Jäirus se dogtertjie uit die dood opgewek is, die verheerliking van Jesus op die berg, Getsemane waar Jesus bloedgesweet het voordat hy verhoor en gekruisig is en toe Jesus Sy moeder aan my sorg toevertrou het toe Hy reeds aan die kruis gehang het. Die mees aangrypende was egter toe ek en Petrus saam na die graf toe gehardloop het nadat Maria van Magdala ons vertel het dat Jesus opgestaan het. Omdat ek vinniger as Petrus gehardloop het, was ek eerste daar. Ek het nie ingegaan nie. Toe Petrus kom het hy eerste ingegaan en ons het gesien dat Jesus nie daar is nie maar dat die grafdoeke waarmee Hy toegedraai was wel daar gelê het. Op daardie oomblik het ek tot geloof gekom, ware geloof wat geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het. Ek wil net nog een insident noem wat besonderlik in my geheue



vasgesteek het: Die aand voordat Jesus gesterf het, het ons 'n ete saam met Hom gehad. Dit was die begin van al die herdedingsmaaltye wat daarna sou volg, die eerste Nagmaal. Ek het langs Jesus aangelê vir die ete met my kop op Sy bors. Ai, ek was so lief vir die Man. So het ek die vrymoedigheid gehad om Hom te vra wie Hom sal verloën. Ek het die voorreg gehad om al die dinge wat met Hom op die aarde gebeur het, op te teken. Miskien kan ek maar net hier weer herhaal waarom ek dit gedoen het:

*Dit is alles beskryf: 'sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Sy Naam die lewe kan hê. “*

### **Kommentaar**

Om kommentaar op Johannes, die dissipel, te lewer is so goed om die Nuwe Testament te probeer oorskryf. Benewens die Evangelie, is daar sy drie sendbriewe en dan nog die opteken van God se Openbaring waarvoor God hom gebruik het.

Vir ons is dit belangrik om te weet dat Johannes seker die een dissipel was wat so na aan die Here geleef het, en Jesus so lief gehad het dat hy by uitstek die verteenwoordiger van Jesus se liefde vir ons geword het. Die hoofstukke in Johannes 14 tot 17 is dan ook van die aangrypendste in die Bybel. Geen wonder dat baie mense hierdie hoofstukke uit hulle koppe ken nie. Maar ook hierdie besondere man moes tot geloof in Jesus kom, soos ek en jy.

## **Johannes die Doper**

### **(Lukas 1 en 3)**

Dit is vir my moeilik om 'n spesifieke geleentheid aan te dui wat ek tot geloof in Jesus gekom het. Jy weet mos Hy was familie van my. My ma en Sy ma was niggies. Nietemin moet ek jou iets baie besonders van myself vertel. Ek is voor my geboorte al deur die Heilige Gees gedoop. Dit is iets wat die dissipels eers na Jesus se hemelvaart sou beleef het. God het my uitgekies om die pad vir sy Seun te kom voorberei. Daarom het ek die wat hulle bekeer het, gedoop. Die hoogtepunt van my lewe was toe ek vir Jesus gedoop het. Ek kon dit nie mooi verstaan waarom ek Hom moes doop nie. Dit was egter om Hom deel van die groep te maak, mense wat Hom verwag het, Hom sou erken het en deur Hom gered sou word. Dit het ook Sy nederigheid getoon en was 'n bewys van die feit dat Hy mens geword het, soos ons mense was. Ek het geweet Hy is die Messias en kon Jesus dan ook so aan ander mense uitwys. Ek het by 'n besondere geleentheid die volgende oor Hom getuig:

*'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem' (Joh. 1:29).*

Toe Jesus se openbare optrede begin het was my taak voltooi. Ek het nog so 'n rukkie aangegaan met my werk maar eintlik was my doel bereik. Ek moet tot my skande erken dat ek tog vir 'n rukkie aan Jesus getwyfel het nadat Hy met Sy openbare bediening begin het. Ek het toe van my dissipels na Hom toe gestuur en Hom gevra of Hy die Messias is en of ons iemand anders moet verwag. Hy het in Sy groot geduld en liefde my twyfel oorgesien en toe ek hoor wat Hy alles doen is al my twyfel uit die weg geruim. Hy is en was en sal altyd die Messias die Seun van God, ons Verlosser, wees.

## **Kommentaar**

Niemand is bo twyfel verhef nie. Genadiglik weet ons dat Jesus met ons swakhede simpatie het. Hy verdoem ons nie maar help ons, soos vir Johannes, om weer ons vertrouwe in Hom as ons Verlosser en Heer, terug te kry.

## Saggeus

(Lukas 19: 1 tot 10)

Om my beter te kan verstaan, is dit nodig dat ek jou 'n ietsie van my naam vertel. *Saggeus* is 'n Griekse naam maar ek is nie 'n Griek nie. Ek is 'n Jood, 'n afstammeling van Abraham. Hoe ek by 'n Griekse naam uitgekom het, weet ek nie. Wat ek wel weet is dat my Griekse naam in Hebreeus eintlik *Sakkai* is. *Sakkai* beteken *onskuldig*. Kan jy dit glo: Onskuldig! Ek die hoof tollenaar van Jerigo. Ek wat so baie van my landgenote ingeloop het om nog meer geld te maak. *Onskuldig!*

Ons as tollenaars weet baie dinge wat ander mense nie weet nie vanweë die druk verkeer van mense wat by ons verby beweeg. Een dag hoor ek van die wonderlike prediker met die naam van Jesus wat deur ons stad beweeg. Ek was erg nuuskierig om die man te sien. Enigeen wat aansien het is vir my belangrik. So besluit ek toe om by die gepeupel aan te sluit en te kyk of ek hom te sien kan kry. Jy weet dit dalk nie maar ek is 'n kort, klein mannetjie. Party mense sou sê ek ly aan die kleinmannetjie sindroom. Sulke outjies probeer mos altyd vergoed vir hulle klein postuurtjies deur te probeer kompenseer op ander gebiede. Dalk was dit die rede waarom ek so ryk geword het. Nietemin, my geld het my die dag wat ek Jesus wou sien, niks gehelp nie. Die mense om my was net te lank, ek kon nie oor hulle koppe sien nie. Ek sien toe dat die koers wat Jesus beweeg onder 'n groot wildevyeboom verby gaan. Ek verlaat toe die skare en gaan klim in die boom. Dit was nogal interessant om die man, sy gevolg en die skare om hom van bo-af gade te slaan. Toe kom die groot verrassing. Toe die man onder die boom kom, kyk hy op. Sulke liefdevolle oë het ek nog nooit gesien nie. Ek het net van die man gehou en hom sommer lief gekry. Toe praat hy met my en sê vir my:

*'Saggeus, kom gou af want ek moet vandag in jou huis tuisgaan.'*

Ek het amper uit die boom uit geval. Hoe ken hy my naam. Hoe kan hierdie profeet nou by my, een van die grootste sondaars in Jericho wil kom oorbly. Ek was so bly, want gewoonlik verag die Jode my vanweë die werk wat ek doen. Ek het afgeklim en hom met blydschap in my huis ontvang. Ek weet nie presies wanneer dit was nie maar iewers tydens Jesus se besoek het ek tot geloof in Hom gekom en het ek geweet hierdie Man is die Messias, die Seun van God. Dalk was dit toe die mense Jesus beskuldig het dat Hy by 'n sondige mens tuisgaan en Hy hom nie aan hulle gesteur het nie. As Hy my naam geken het, het Hy tog geweet wat ek vir 'n lewe doen. Ek het my skuld voor Hom bely en gesê dat ek al my skelmstukke gaan stop en almal wat ek benadeel het dubbel en dwars gaan vergoed. Ek dink dit is wat Hy wou gehad het want dadelik het Hy met hierdie pragtige woorde gereageer:

*‘Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is ‘n kind van Abraham. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.*

Nooit kon my lewe weer dieselfde wees nie. Skielik het ek geweet waarom ek die pragtige naam Sakkai ontvang het: **Onskuldig, in Jesus vrygespreek.**

### **Kommentaar**

Is jy ook ryk? Het jy ook met jou rykdom vir een of ander tekortkoming probeer kompenseer? Het jy ook mense te na gekom in jou stryd om bo uit te kom? Voel jy ook van ander vervreem omdat jy hulle benadeel het? Weet jy dat die mense van jou agter jou rug skinder en kwaadpraat? Soek jy ook vrede en geluk? Weet jy ook dat jy dit net by Jesus sal kry? Weet jy dat Hy vir jou lief is, dat Hy jou wil red, jou wil inbring is Sy koninkryk?

## **‘n Medegekruisigde**

**(Lukas 23: 32)**

“Dit sal seker nie help as ek jou vertel waarom ek so ‘n groot krimineel geword het nie. Ek kan net vir jou sê dat ek deur en deur sleg was. Ek hoef nie doekies om te draai nie. Vir ‘n ruk het ek van misdaad geleef maar jy weet mos: *Crime does not pay*. Wel in my geval het misdaad tog vir my iets goeds gebring. In die tyd wat ek geleef het, is misdadigers selde begenadig. Wanneer hulle jou uitgevang het was die doodstraf jou voorland. Ek was dan ook nie ‘n uitsondering nie. Toe hulle my gevang het, het die regter gou besluit dat ek aan ‘n kruis vasgespyker sal word en dat ek daar sal hang totdat ek dood is. Die dag toe ek gekruisig is was ons drie wat saam hierdie helse dood moes tegemoetgaan. Een was ‘n misdadiger net soos ek, maar die ander persoon..... Ek het nie geweet wat om van hom te dink nie. Hy was nog baie meer as ons verniel. Ek het aangeneem dat hy iets verskrikliks moes gedoen het om so gestraf te word. Hy was van die bloed van bo tot onder. Hy was wreed ge gesel en dan het die mense verskriklik met hom tekere gegaan; gespot, gespoeg, gevloek en verneder. Ek het hom nogal jammer gekry. Wat my egter laat besef het dat hy heel anders as ons was, was die manier waarop hy opgetree het te midde van sy lyding en vernedering. Waar ons ander ouens teruggevloek en geskel het was hy stil. Hy het amper niks gesê nie. As ek reg onthou het hy net sewekeer gepraat in die tyd wat hy aan die kruis gehang het. Soos ek besig was om te sê, hy het vir die mense wat hom gekruisig het begin bid. Hy het die volgende gesê

*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.*

Nog nooit het ek sulke liefde gesien nie. Ek het op daardie oomblik geweet dat Hy die Seun van God is, dat Hy met Sy Vader, God gepraat het.

Toe die ander misdadiger Hom ook begin beledig het ek vir Jesus ingetree en hom tereggewys. Ek het vir hom gesê dat dit ons verdiende loon is maar dat hierdie Man niks verkeers gedoen het nie. Toe het ek vir Jesus gesê:

*Dink aan my wanneer U in U koninkryk kom.*

Dit was die beste ding wat ek ooit in my lewe gedoen het, toe ek Hom as Messias en Verlosser aanvaar het. Ek het nie geweet dat sulke eenvoudige woorde so 'n geweldige uitwerking kon hê nie. Hierop het Jesus gesê:

*Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.*

My boetie, my sussie, Jesus jok nooit nie. Ek kan net vir jou sê dit is presies wat gebeur het.”

### **Kommentaar**

Asseblief moenie te lank wag nie. Daar kom nie vir almal van ons 'n geleentheid om 'n paar minute voor ons dood met Jesus reg te maak nie. Die meeste van ons sal vinnig sterf in 'n motorongeluk, 'n skielike hartaanval of beroerte of iets dergeliks. Dit is so eenvoudig om te verstaan wat Jesus van ons verwag om die ewigheid by Hom te kan deurbring:

*Wees jammer oor jou sondes, weet dat Hy vir al jou sondes volkome geboet, gely en betaal het aan die kruis op Golgota, 2000 jaar gelede. Glo dat Hy die Seun van God is en dat God Hom na drie dae uit die dood opgewek het. Gee oor aan Hom en vertrou Hom om jou te red. Leef dan in hierdie heerlike sekuriteit van die wete dat Hy jou nooit in die steek sal laat nie, en vertel vir ander van wat Hy vir jou gedoen het, soos die misdadiger aan die kruis.*

*Daar is nog tyd. Moenie dat die tyd vir jou uitloop nie.*

## **Pa van 'n seun wat epileptiese aanvalle kry**

**(Markus 9:24)**

Ek het 'n seun vir wie ek baie lief is. Ongelukkig het my kind van kleintyd af 'n probleem gehad. Hy kon nie praat nie en het snaakse aanvalle gekry. Dan kry hy stuiptrekkings, val op die grond en kry skuim om sy mond. Ons het gevrees dat hy in die vuur sal val en sal sterf. In ons onkunde het ons maar geglo dit is 'n bose gees wat die kind so betrek het. Niks wat ons probeer het, het die probleem opgelos nie. Ons het gehoor van Jesus wat wonderlike genesings verrig het en ek het hoopvol my kind na Jesus toe gebring. Hy was nie beskikbaar nie maar ek het gehoor Sy dissipels genees ook. Toe hulle aanbied om vir die kind te bid het ek geglo daar gaan iets gebeur. Stel jou my teleurstelling voor toe my kind nog net so siek gebly het. Dit is toe dat die dissipels en die Fariseërs in hewige argumente betrokke geraak het. Gelukkig het Jesus toe daar aangekom want dit het my geklink of dit vir die geleerde mense belangriker was om 'n argument te wen as dat my kind gesond word. Toe Jesus gekom het, het alles verander. Ek het Hom vertel van wat gebeur het en dat die dissipels nie die kind kon genees nie. Dit het my geklink of hy kwaad geword het vir die dissipels. Toe die gees vir Jesus sien het hy my kind weer 'n aanval laat kry. Snaaks dit was asof dit Jesus nie gepla het nie. Hy het my rustig oor die kind en die probleem uitgevra. Gewoonlik het die mense hewig geskrik vir die mag van die bose gees. Nie Jesus nie. Ek dink ek het toe die regte woorde gebruik toe ek Hom geantwoord het. Ek het gesê:

*As U tog iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons.*

Ek dink toe Jesus sien hoe lief ek vir my kind is, hoe graag ek iets vir hom doen, hoe hulpeloos ek voel en dat ek 'n beroep op Sy sagte jammerhart vir hulpbehoewende mense doen, het Hy deernis met ons gekry. Mense sê Jesus het graag arm, siek mense, mense wat



hulleself nie kon help nie, mense wat afhanklik van Hom was, gehelp. Wel ek het aan al hierdie vereistes voldoen. Toe sê Hy vir my die volgende:

*Vir die een wat glo kan alles*

My geloof was maar min en daarom het ek Hom eerlik geantwoord:

*Ek glo. Help my waar ek nog ongelowige is.*

Toe Jesus sien dat ek selfs in my geloof van Hom afhanklik is, het Hy my kind gehelp. Hy het dadelik die bose gees bestraf as stom en doof en het hom beveel om my kind te verlaat. Die gees het vir oulaas my kind probeer doodmaak en het hom hard laat skreeu en stuiptrekkings laat kry. Toe was alles stil en my kind het soos 'n dooie op die grond gelê. Die mense het gesê my kind is dood. Ek het in Jesus geglo en het geweet dat my kind leef en gesond sal wees en dat die bose gees nooit weer sal kan terugkeer nie, net soos Jesus gesê het. Liefdevol en saggies het Jesus my kind opgehelp en hy was volkome genees.

Ek vertel hierdie verhaal vir jou sodat jy ook kan glo en kan weet dat niks vir ons Jesus onmmoontlik is nie.

### **Kommentaar**

Moes jy ook al vir Jesus vra dat Hy jou ongeloof, of jou swak geloof te hulp moet kom?

Vir ons wat so maklik twyfel is hierdie eenvoudige verhaaltjie spesiaal opgeteken. Wanneer ons in diepe afhanklikheid, in ons swakheid, in ons liefde vir ons medemens, gebroke en klein op Jesus se deernis, jammerte en liefde kom staatmaak, sal Hy soos vir hierdie man uitkoms gee en doen wat ons in Sy Naam vra.

Wat is dit wat jou wil verhinder om te glo? Is dit die bose gees? Kan hy sterker wees as ons Jesus wat sy mag finaal op Golgota verwoes het?

## **Die besetene van Gerasa**

**( Markus 5:1 tot 20)**

“Eintlik is ek naamloos, maar ook tog goed bekend as die Besetene van Gerasa. Ons dorp was naby die huidige Damaskus in Sirië. Ons was veral bekend vir al die afgode wat ons hoofsaaklik Griekssprekende inwoners aanbid het. Nouja, soos ek gesê het ek was die besetene. Ek het nie een duiwel in my gehad nie maar baie, vandaar dat hulle soms na my verwys as Legio.

Kom ek vertel jou hoe voel dit om deur ‘n klomp duiwels ingeneem te wees. Jy verloor jou eie wil en word uitgelewer aan dit wat die duiwels met jou wil doen. So het ek tussen die grafte en soms in die berge gebly. Niemand wou iets met my te doen hê nie want ek was te gevaarlik. Dikwels het ek sonder klere geloop. Wat gee satan nou om of ek ordentlik lyk of nie want hy wou my tog vernietig het. Vir hom was ek maar net ‘n handige instrument waardeur hy vrees by ander kon inboesem. Satan het my baie sterk gemaak. Ek dink ek was soms net so sterk soos Simson. Geen voetboeie of handboeie kon my keer nie. Ek het hulle eenvoudig stukkend geruk. Soms het mense my probeer vasbind en baasraak maar hulle kon nie. Ek was net te sterk. So het ek ‘n verskrikking vir mens en dier geword. Daar tussen die dooies en grafte het ek floreer. Waarom weet ek nie maar die duiwels het van skreeu en lawaai gehou en daarom het hulle my misbruik om te skreeu en te lawaai. Tot eindag toe.

Daar het ‘n man en sy gevolg met ‘n boot by ons dorp aangekom. Hy het eintlik van oorkant die meer van Genesaret af gekom. Ek weet vandag waarom hy gekom het alhoewel ek dit op daardie oomblik nie begryp het nie. Hy het ter wille van my gekom. Toe ek hom die eerste keer gesien het, het die duiwels in my my gedwing om na hom toe te hardloop en voor hom neer te val. Toe het ek nog nie geweet nie maar die duiwels in my het geweet dat die man Jesus is, die

Seun van die Lewende God, die Een wat van sondes en demone verlos. Daarom het die duiwels in my hard geskreeu:

*‘ Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smee U: in God’s Naam, moet my nie pynig nie!’*

Een van die bese geeste het so geskreeu want Jesus het gesê dat hy uit my moet uitkom. Dit is toe wat Jesus vir my vra wat my naam is en ek sê Legio want ons, die duiwels is baie. Ek en die duiwels was so vermeng dat ek nie geweet het wanneer dit ek en wanneer dit ‘n duiwel is wat gepraat het nie. Jesus het aan my versoek voldoen en het die duiwels toe in die 2000 varke laat invaar en hulle in die see laat verdrink. Van daardie oomblik af was ek verlos van die duiwels. Ek kon weer helder dink, was by my volle verstand en het klere aangetrek. Al wat ek geweet het is dat ek hierdie Man, die Seun van God, lief het en die res van my lewe by Hom wil bly. Ek het Hom dan ook versoek om saam met Hom te gaan. Hy het egter ‘n ander plan met my lewe gehad. Hy wou hê ek moet na my eie mense toe teruggaan ek vir hulle vertel dat Jesus, die Seun van God, my verlos het. As bewys van Sy goedheid en genade kon ek myself aan hulle toon. So het Hy my lewe kom omkeer en my ‘n sendeling vir Hom gemaak. Dankie Here.”

### **Kommentaar**

Het jy ook al die duiwel toegelaat om iets in jou lewe te beheer? Is daar vandag iets in jou lewe wat onder die beheer van ‘n duiwel staan? Dit mag vir jou onmoontlik klink maar dink ‘n bietjie oor die volgende: Is jy verslaaf aan ( die slaaf van ) rook, drank, pornografie, die selfoon, rekenaarspeletjies, sport, werk, jou familie? Neem hulle ‘n belangriker plek in as ons Here Jesus, wie ons so duur met Sy eie bloed en lyding gekoop het? Indien dit die geval is weet dan dat Hy wat Legio van baie satans verlos het dit vandag nog vir jou ook kan doen.

## **Romeinse Offisier by Jesus se kruisiging**

**(Markus 15:39 )**

Ek is maar net een van die mense wat om Jesus se kruisiging deel van die dramatiese gebeure was. Ek was nie belangrik nie en daarom hoef my naam nie vermeld te word nie. Daar het so baie mense weergawes gegee van wat op die dag van Jesus se kruisiging gebeur het dat ek gevoel het ek moet my weergawe ook aan julle verstrek. Nou ja ek is 'n Romein en Ceaser is my god. Ek is Jerusalem toe gestuur om onder goewerneur Pilatus te dien. Dit was moeilike tye en die goewerneur het dit nie makliker vir ons gemaak nie. Hy het die Jode nie gerespekteer nie en ons gelowe op hulle probeer afdwing. Verder was hy nie baie eerlik nie. Hy het dinge gedoen wat die Jode die harnas in gejaag het. Dit het tot so 'n mate versleg dat die goewerneur gevrees het dat die Jode hom by die Ceaser sal aankla. Toe ek op die toneel verskyn het was die goewerneur al 'n rukkie daar. Hy het in 26 nC in Jerusalem begin heers. Ek het die eerste keer regtig met Jesus te doen gekry toe die Jode Hom aan die goewerneur kom verkla het omdat hulle die doodstraf oor Hom uitgespreek wou gehad het en hulle nie die bevoegdheid gehad het om self die doodstraf op te lê nie. Vroëer was Jesus aan my bekend as 'n oproermaker wat een of ander godsdienstige siening kom verkondig het. Ek het niks van hom gedink nie en het nie omgee toe Pilatus Hom ter dood veroordeel het nie. Interessant, voordat die doodstraf Hom opgelê is, het die goewerneur, soos sy gewoonte was, een van die beskuldigdes vrygelaat. In die tyd was daar 'n ander slegte man ook op vir die doodstraf vanweë moord of opstande of so iets. Hy was 'n regte rowwe ou maar ook by hom was daar iewers in sy verlede iets wat goed was. Neem nou maar die ou se naam: Barabbas. Omdat ek so 'n bietjie Hebreeus aangeleer het, het ek geweet in Hebreeus beteken Bar, seun. Die res van die naam Abbas kom weer van die Hebreeus Abba wat die Jode gebruik het om hulle God en Vader aan te dui. So het die moordenaar se naam eintlik beteken Seun van die Vader. Hulle het hom verder 'n naam vooraan Barabbas genoem naamlik Jesus Barabbas. Jesus weer beteken: Redder, Verlosser en

Heil. Dalk het die mense wat verwag het dat hy hulle sal help om van die Romeinse heersers ontslae te raak hom as hulle verlosser gesien. Die Jode moes kies tussen Jesus Barabbas en Jesus Christus se vrylating. Hulle het gekies dat Barabbas vrygelaat moet word. Toe Pilatus sê dat hy geen skuld in die man vind nie het die skare oproerig geword en die goewerneur gedreig dat as hy nie vir Jesus ter dood veroordeel nie, hy nie die vriend van die Ceaser is nie want die man Jesus Christus bedreig met Sy aansprake die koningskap van die Ceaser. Ek dink dit het die deurslag gegee. Hierop het Pilatus vir Jesus skuldig bevind. Wat hom gehelp het om so 'n onververdige uitspraak teen 'n onskuldige man te gee was toe die Jode gesê het dat Jesus se bloed op hulle en hulle kinders sal rus. Wanneer 'n mens nou na al die gebeure rustig oor alles dink word baie dinge vir jou duidelik, veral as jy weet dat hierdie Jesus die Seun van God is. Op die stadium dat Jesus skuldig bevind is, het ek maar soos die ander soldate gedink dat hy maar net 'n Jood is wat iets verkeerd gedoen het. Ons as soldate is geleer om bevele te gehoorsaam. Toe Pilatus sê ons moet Jesus gaan ge'sel is dit dan ook wat ons gedoen het. Ek dink ons het ons werk met groter oorgawe gedoen as wat ons moes. Van ons optrede word deur 'n sekere dissipel van Jesus soos volg beskryf: ( Mat. 27:27)

*Daarna vat die soldate van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar. Hulle trek toe Sy klere uit en gooi 'n pers mantel om. Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op Sy kop en gee Hom 'n stok in Sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: ' Ons groet U Koning van die Jode!' Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer Sy klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.*

Ek dink ons het Hom toe tog 'n bietjie jammer gekry want toe Hy onder die gewig van die kruis ineenstort het ons een van die bystanders, Simon van Cirene, opgekommandeer om Sy kruis vir Hom te dra. Toe ons by Golgota kom het ons Hom gekruisig en Sy klere verdeel,

behalwe Sy onderkleed wat mooi aanmekaar geweef was. Daaroor het ons die lot gewerp. Ons het 'n opskrif bokant Sy kop aan die kruis vasgekap met die woorde:

*Dit is Jesus, die Koning van die Jode.*

Ons het gedink dat dit deel van ons spot met Hom kon wees maar dit was ook die aanklag teen Hom. Min het ek geweet dat dit presies is Wie Hy was.

Almal het Hom gespot; ons, die Joodse skrifgeleerdes, die Fariseërs, die familiehoofde en die mense wat daar verbygeloop het en selfs die twee wat saam met Hom gekruisig is. Een van die twee het later tot ander insigte gekom en Jesus gevra om aan Hom te dink wanneer Jesus in sy Koninkryk kom. Jesus het toe gesê dat die man vandag nog saam met Hom in die paradys sal wees. Sy sogenaamde dissipels het soos lafhartige honde weg gevlug. Hulle was seker bang ons gaan hulle ook vang.

Al hierdie dinge het 'n diep indruk op my begin maak. Die wyse waarop hierdie onskuldige man die onreg verduur het, was verstommend. Dit was bomenslik en ek het begin wonder of Hy nie dalk regtig die Seun van God is nie. Die dinge wat hierna gebeur het, het my egter verder oortuig. Nadat Jesus drie ure aan die kruis gehang het, het dit om 12 uur die middag donker geword en die donker het tot 3 uur geduur toe Jesus gesterf het en met 'n harde stem in Hebreeus uitgeroep het:

*Eli, Eli, lema sabagtani?*

Dit beteken:

*My God, My God, waarom het U my verlaat ?*

Op daardie oomblik het ek geweet Hy is die Seun van God, my Verlosser.

Omdat die Jode bang was vir die invloed van Jesus het hulle vir Pilatus gevra om Jesus se graf te beveilig sodat niemand Sy liggaam sal kan kom steel en dalk beweer dat Jesus uit die dood

opgestaan het. Pilatus het ingestem en 'n paar van ons gestuur om die graf te gaan oppas. Kom ek vertel vir julle wat die derde dag, vroeg die oggend gebeur het. Ek gaan dit in die woorde van die dissipel van Jesus, Matteus vir julle vertel:

*Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.*

Hierna het die engel vir die vroue gesê hulle moet ophou soek na Jesus want Hy is uit die dood opgewek.

Ons wat Jesus moes oppas het dadelik na die priesterhoofde toe gegaan en vir hulle vertel wat alles gebeur het. Hulle was erg ontsteld en het gesê ons moet lieg en vir die mense sê dat die dissipels in die nag gekom het terwyl hulle geslaap het en Jesus se liggaam gesteel het. Ons het gemaak soos hulle gesê het, ons omkoopgeld gevat en geloop. Later het ons gehoor dat die meeste van die Jode hierdie leuen oor Jesus geglo het. Maar ek weet wat ek gesien het. Jesus het waaragtig uit die dood opgestaan en Hy lewe.

So het Jesus ook my Here geword. Ons klompie heidene, Romeinse soldate, was seker die eerste heidene wat in Hom begin glo het.

### **Kommentaar**

Om hierdie uiteensetting te weet en te glo is nie genoeg om jou van die hel te red nie. Indien jy nie gelowig aanvaar en dit vir jou toeëien dat Jesus dit vir jou, en jou sondes, vir jou redding persoonlik, in liefde vir jou, kom doen het nie, gaan dit niks help nie.

## Simeon en Anna

(Lukas 2:28)

God was twee ou mense, eens op 'n tyd, besonder genadig. Kom ek vertel jou van hierdie geleentheid aangesien ek een van die twee ou mense is.

Eksel self is al oud. Ek is nie eintlik 'n profetes soos Anna nie. Anna is die ander persoon wat so deur God begenadig is. Ons was die besondere dag saam in die tempel. Elkeen van ons het 'n verwagting gehad. Ek is baie lief vir God en ek glo wat Hy vir ons beloof het. Hy het beloof dat Hy Sy Seun as Verlosser en Messias na die wêreld toe sal stuur. Ek het uitgesien na die dag wat die Messias sal kom. Dit is seker daarom dat God my met Sy Gees geseën het. Ek het vir God geleef en het gepoog om Sy bepalings na te kom. Die Here het aan my openbaar dat ek nie sal sterf voordat ek die Messias gesien het nie. Aangesien ek al oud was het ek geweet dat Sy koms naby is. Daarom het ek verwagting uitgesien na God se openbaring. Ek het nie geweet hoe en waar ek Hom te sien sal kry nie maar het soos Anna gereeld na die tempel toe opgegaan om daar te bid. Toe kom die dag waarvan ek jou wil vertel. Ek en Anna was albei in die tempel toe die jong vrou, haar man en hulle ou Babatjie daar aankom. Hulle het gekom om die nodige offers te bring en reiniging te ondergaan. Dit was die pragtigste ou Babatjie. Toe ek Hom sien het ek geweet: dit is Hy. Hy vir wie ek so lank al wag, die Messias, die Koning, die Verlosser. God se Gees het dit duidelik aan my openbaar. Ek, ja ek, eenvoudige ou Simeon het die Verlosser van die wêreld in my arms geneem. Hy het stil met Sy Goddelike oë na my opgestaar, so vertrouend, heilig, rein, goed, mooi – die versinnebeelding van alles wat Goddelik is. Ek kon nie anders nie. Ek het net begin om God te prys en toe sê ek:

*Here, laat U dienaar nou in vrede gaan, volgens U woord,*

*omdat my oë U verlossing gesien het*



*wat U gereed gemaak het*

*voor die val van die volke:*

*‘n Lig tot verligting van die nasies*

*en tot eer van U volk Israel.*

Hierna het ek hulle geseën en vir Maria, die Baba se moeder ‘n profesie oor haar Kind gebring.

Ek het gesê:

*Kyk hierdie kindjie is bestem tot ‘n val en opstanding van baie in Israel en tot ‘n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, ‘n swaard sal deur jou siel gaan.*

Min het ek toe geweet watter onstsettende swaard 33 jaar later wel deur haar siel sal gaan as die ou onskuldige Babatjie vir die wêreld se sondes aan ‘n kruishout vasgespyker sou word. Genadiglik sou ek en Anna dit nie hoef te aaskou nie.

Julle het nou Simeon se storie gehoor. Laat ek jou nou my storie vertel. Die storie van Anna is amper soos my vriend Simeon sin. So terloops die goeie Simeon se naam beteken *verhooring*. Dit is ‘n gepaste naam want die Here het sy gebed verhoor en vir hom gegee wat hy so begeer het naamlik om die Verlosser te sien voordat hy sterf. Ek was as jong vrou vir sewe jaar getroud. Toe het my man gesterf. Omdat ek God so lief gehad het, het ek nie ‘n behoefte ervaar om weer te trou nie. Jy kan maar sê God het my man, my kinders, my alles geword. Hy het my geseën met die vermoë om te kon profeteer. Ek het dinge geweet, wat Hy aan my geopenbaar het, wat ander nie geweet en gesien het nie. Op die dag waarvan Simeon praat, was ek reeds 84 jaar oud. Die meeste van my tyd het ek maar in die tempel deurgebring deur te vas en te bid. Ek het geweet Wie die Baba is. Ek het geweet van Sy ouers. Daarom kon ek God dank vir die geleentheid om die kind te kon sien. Dit was nou vir my nog makliker om met al die mense

wat ek teengekom het van ons Here Jesus te vertel. Veral hulle wat na die Verlossing van Jerusalem uitgesien het, het gretig na my geluister. Dalk het hulle nie so mooi verstaan nie; dit het nie oor hulle en hulle verlossing van die Romeine gegaan nie maar oor die verlossing van mense van hulle sondes en die Een wat daarvoor sou sorg.

### **Kommentaar**

Die name van hierdie twee ou mense, *Genadige Verhoring*, die deernis van hulle gelowige optrede en die vreeslose getuienis aangaande die Verlosser sal altyd vir ons 'n voorbeeld bly.

\*\*\*\*\*

Na hierdie heerlike voorreg om al die individuele gelowige aanvaardings van Jesus as Verlosser te kon opteken, is dit nou my onaangename taak om 'n enkele jong man die geleentheid te gee om sy storie te vertel van hoe hy besluit het om Jesus nie as Verlosser aan te neem nie:

## Die ryk jongman

(Lukas 18:18)

“Al moet ek dit nou self sê: ‘ Ek is ‘n ryk en vername man.’ Daarby is ek nog ‘n goeie mens ook. Ek hou van erkenning. Daar het ‘n geleentheid opgeduik waar ek gevoel het ek heelwat erkenning vir my status, geld en goeie lewensstyl kon kry. Kom ek vertel julle daarvan. ‘n Sekere prediker het heelwat wonderwerke by ons gedoen. Hy het nogal ‘n groot gevolg opgebou en niemand was in staat om iets slegs van hom te sê nie. Ek het gedink ek kan hom so ‘n bietjie gaan toets en kyk of hy my sal kan waardeer as iemand wat besonder ryk **en** voorbeeldig lewe. Dan sou die ander mense nog meer respek vir my kry. So kom ek dan ook by hierdie profeet uit. Ek loop hom sommer trompop en vra hom wat ek moet doen om die ewige lewe te kry. Ek het gedink dat ek hom so ‘n bietjie sal vlei en noem hom toe sommer *goeie leermeester*. Hy was nie op sy bek geval nie en wil toe dadelik weet waarom ek hom goed noem, aangesien daar net een is wat goed is, naamlik God. Hy hou toe nietemin die Tien Gebooue vir my voor. Nou ja, dit was my kos. Ek het die wet van my jongdae af onderhou en kon hom prontuit antwoord dat ek al die wette onderhou. Nou het die profeet aan die gang gekom. Hy weet my toe te vertel dat ek wel ‘n ding het wat ek kan doen om gered te word. **Hy sê toe ek moet al my goed gaan verkoop, die geld vir die armes gee en hom kom volg.** Verbeel jou; ek moet alles verkoop waarvoor ek so hard gewerk het en wat ek van my voorgeslagte geërf het, en dan moet ek kom en agter hom kom aanloop, soos die arm mense wat hom volg. Dit was net te veel. Daarvoor het ek nie kans gesien nie. Sommige mense sê, ek het gehuil. We, miskien van frustrasie dat dinge nie uitgewerk het soos ek gehoop het nie. Terwyl ek nog daar rondstaan begin hierdie profeet sommer preek en hy gebruik my as deel van sy preek. Hy sê toe dat dit bykans onmoontlik vir ‘n ryk mens is om in God se koninkryk in te gaan; iets soos dit is so moeilik soos vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te gaan. Verbeel jou! Wat van al die mooi en goeie dinge wat ek elke dag doen. Beteken dit dan niks

nie? Hy het tog ‘n klein agterdeurtjie oopgelaat vir die mense wat ryk is, toe hy gesê het dat wat by mense onmoontlik is wel by God moontlik is. Wat dit beteken weet ek nie eintlik nie maar ek weet van hierdie ou wil ek niks weet nie”.

\*\*\*\*\*

Voordat ons nog ander persone aan die woord gaan stel is dit nodig om een groot gebeurtenis uit te sonder. Dit is die uitstorting van die Heilige Gees. Na die uitstorting van die Heilige Gees het die Heilige Gees kragtig in en deur Evangeliste gewerk en baie wonderlike bekerings, dikwels in groepe, het plaasgevind, Kom ons kyk dan ‘n bietjie na Wie die Heilige Gees is, wat Hy doen en hoe om die Heilige Gees in jou eie lewe te ontvang.

\*\*\*\*\*

## Deel 2: Die Heilige Gees

Die verskil van hoe die Evangelieboodskap voor en na die uitstorting van die Heilige Gees versprei het, is dramaties. Voor die uitstorting van die Heilige Gees was dit eintlik net Jesus wat in die krag van die Heilige Gees opgetree het. Na die uitstorting van die Heilige Gees op gewone mense het die kragtige verkondiging van die Evangelie dramaties toegeneem soos toe Petrus die Jode toegesprek het en 3000 mense dadelik tot bekering gekom het. Vandag nog gebeur dramatiese dinge en massas mense kom gelyktydige tot bekering. Alles die werk van die Heilige Gees. Voordat die tweede deel van die boek behandel word sal daar opsommenderwys na die kernaspekte van die Heilige Gees gekyk word. Wat kan ons immers sonder die werking van die Heilige Gees doen? Die bespreking van die werking van die Heilige Gees sal gedoen word in die vorm van vrae wat oor die Heilige Gees gestel word en dan antwoorde wat daarop verstrekkend word. Na die bespreking van die Heilige Gees sal die tweede deel van die boek hanteer word naamlik hoe groepe op die Evangelie gereageer het in teenstelling met die eerste deel wat oor individuele reaksies op die Evangelie gefokus het.

Die beantwoording van vrae oor die Heilige Gees sal vanuit die Bybel beantwoord word. Daar word verder vir die beantwoording van die vrae gesteun op veral drie boeke. Die twee boeke wat honderd jaar terug geskryf is, is die van **Andrew Murray**: *Ontdek die Geesvervulde Lewe* en die boek van **R.A. Torrey**: *Die Heilige Gees. Wie Hy is en wat Hy doen*. Die derde boek is die van **Angus Buchan**: *Die krag van die Heilige Gees*. Laasgenoemde is 'n resente boek en verhaal hoe die Heilige Gees vandag nog kragtig werk om mense tot bekering te bring.

## Vrae en antwoorde oor die Heilige Gees

### 1. Hoe werk die Goddelike Drie-eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees?

Om hierdie uiters moeilike en komplekse begrip te verduidelik is in mense taal met menslike verstand bykans onmoontlik. Daarom word met twee eenvoudige praktiese voorbeelde volstaan:

*Water bestaan uit twee dele waterstof en een deel suurstof. Water kan in drie vorms voorkom al bly dit een stof, water, naamlik: 'n **vaste stof**- ys, 'n **vloeistof**- water en 'n **damp** soos stoom of waterdamp in die atmosfeer.*

*Nog 'n voorbeeld is die van 'n getroude **man** met 'n vrou en kinders wie 'n werk verrig. Dit bly dieselfde man maar hy is 'n eggenoot vir sy vrou, 'n vader vir sy kinders en 'n werknemer in sy beroep.*

*So bly water een in drie vorms.*

*Die man bly een in drie rolle.*

*Die Godheid bly Een in Drie Persone.*

### 2. Steel jy by die Heilige Gees?

Die Heilige Gees as persoon is geregtig op aanbidding, liefde, geloofsvertroue, gehoorsaamheid en bewondering. Indien jy die Heilige Gees bloot sien as 'n krag, 'n mag, 'n onpersoonlike geestelikheid ontnem jy Hom van dit wat Hom toekom. Oppas dus om wanneer jy van die Heilige Gees praat na Hom as dit te verwys.

### 3. Ontvang ons die heilige Gees?

Die antwoord op hierdie vraag sluit nou aan by die eerste vraag. Indien ons die Heilige Gees as 'n krag of 'n mag beskou en van Hom praat as 'n **dit** sal ons graag die Heilige Gees wil ontvang om onself te bekragtig. Die klem val dan op die mens en kan maklik daartoe lei dat

die mens verheerlik word. Indien ons die Heilige Gees as 'n persoon ken sal dit vir ons nie vreemd wees dat Hy van ons besit neem en ons vir Sy doel gebruik nie. Ons bly egter as 'n entiteit bestaan as 'n gees, siel en liggaam. Ek is gees, het 'n siel en bly in 'n liggaam. Wanneer ek deel word van die Heilige Gees kom neem Hy my gees oor en kom doen Hy met my siel wat Hy wil. Hy maak alles nuut: Hy gee my nuwe denke wat bedink wat goed, mooi, eerlik en reg is. Hy maak my emosies nuut en al die haat, woede, ang, en depressie word met vrede, vreugde en liefde vervang. Die liggaam is bestem om tot niet te gaan en deur 'n verheerlikte liggaam vervang te word. Terwyl ons nog op die aarde leef gebruik die Heilige Gees die liggaam gerig deur nuwe denke, emosie en wil om Sy wil te doen.

Omdat die Vader, Seun en Heilige Gees een is, is Jesus ons broer by ons en is Jesus ons Vader, wanneer die Heilige Gees op ons uitgestort word.

Die vraag is dan: Hoe kan die Heilige Gees meer van my kry en nie hoe kan ek meer van die Heilige Gees kry nie?

#### **4. Hoe weet ons die Heilige Gees is 'n persoon?**

Slegs 'n persoon het kennis, gevoel en 'n wil en is so 'n persoonlikheid. Verder het die Heilige Gees lief. Die Heilige Gees onderrig en leer ons. Die Heilige Gees kan bedroef word. So leer ons die Heilige Gees ken uit die Bybel ( 1 Kor. 2:11, 1 Kor. 12:11, Rom. 8:27, Rom. 15:30, Neh.9:20, Efes. 4:30).

Die Heilige Gees doen ook dinge wat 'n persoon doen soos om die dieptes van God te ondersoek en dit aan ons te openbaar (1 Kor. 2:10). Verder bid die Heilige Gees vir ons( Rom. 8:26).

Die Heilige Gees is ook ons Trooster in die plek van Jesus wat na Sy Vader terugkeer het ( Joh. 14:16).

Dit sal baie moeilik wees om die volle seën van die Heilige Gees in 'n lewe te ervaar wanneer nog aan die persoon van die Heilige Gees, wie en wat Hy is, getwyfel word.

### **5. Oortuig die Heilige Gees 'n mens van sonde?**

In Johannes 16: 7-11 staan die volgende:

*.....as ek ( Jesus) weggaan, sal Ek Hom ( die Heilige Gees) na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en geregtigheid en van oordeel: van sonde omdat hulle My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na die Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*

Sonder sondebeseft is geen redding moontlik nie. Waarvan wil jy dan gered word indien jy nie oortuig is dat iets in jou lewe verkeerd is nie?

### **6. Wat kan 'n mens doen om ander van sonde te oortuig?**

Die meeste evangeliste sal kan getuig dat hulle soms gesukkel het om mense van hulle sonde en sondetoestand te oortuig. Die menslike hart is selde ontvanklik vir die wete dat dit 'n sondebaard is wat in ons woon. Gewoonlik sal die persoon wat van sonde oortuig moet word, weerstand bied, hom of haarself probeer regverdig, ander blameer ( soos Adam en Eva), oor die sonde probeer redeneer, of dit regtig verkeerd is soos byvoorbeeld dans, rook, drink en buitewelike seks, soos dit tans in 2018 'n algemene verskynsel geword het. Hoe meer met die mens geredeneer word hoe kleiner is die kans dat die mens tot 'n oortuiging van sonde sal kom.

So sal die meeste geestelike werkers dan ook kan getuig dat alleen, wanneer die onvermoë om 'n ander van sonde te oortuig, voor God bely word, daar 'n deurbraak kom. Alleen die Heilige Gees oortuig van sonde. Hy mag jou 'n instrument vir Sy werking maak maar sonder Hom sal niemand tot ware sonde-oortuiging kom nie. Die sleutel tot die probleem is dat die geestelike



werker sy eie onmag voor God moet bely. Homself aan God en God se Gees se werking moet onderwerp en die Heilige Gees moet toelaat om die oortuigingswerk te doen. Om dit te kan doen is 'n diep, innige persoonlike verhouding met die Heilige Gees nodig. Die vraag is altyd wat wil die Heilige Gees doen, wanneer en hoe? 'n Ideale ingesteldheid in hierdie verband sal wees wanneer ons ons eie onvermoë besef, glo in die Heilige Gees, Hom vertrou om van sonde te oortuig, na Hom opsien om dit te doen en seker te wees dat Hy dit sal doen.

## **7. Wat is die sonde van ongeloof?**

In Joh. 16:9 staan:

*Die wêreld is skuldig aan sonde want die wêreld glo nie in My nie.*

Die primêre sonde waarvan die Heilige Gees mense oortuig is die ongeloof in Jesus, ons Verlosser. Die ongeloof in Jesus verwerp Hom. Dit beteken dat Hy ontken word as die Verlosser, die Messias, die Seun van God. Die hart van die Evangelie word so uitgeruk. Indien 'n mens nie op die punt kom waar Hy homself as god in sy lewe ontdek nie, en daarmee sy verwerping van Jesus as God nie kan erken nie, is daar geen hoop vir redding nie.

Die persoon wat hieraan skuldig is, is gewoonlik redelik maklik herkenbaar. Dit is gewoonlik die selfgenoegsame persoon, die persoon wat baie tevrede is met alles wat hyself kan vermag, die onafhanklike, die selfversekerde, die een wat op alles om hom vertrou soos sy kwalifikasies, sy eiendomme, sy posisie, sy geld, sy beleggings, sy mag, sy eie ek. So 'n persoon is gewoonlik ook arrogant oor sy meerderwaardigheid, en die feit dat hy God nie nodig het nie. Hoe verskriklik dit ookal mag klink, kan hierdie tipe mens nie met menslike oorredingsvermoë tot sonde-oortuiging gebring word nie. Alleen die Heilige Gees kan dit doen.

Dr. Torrey vertel in sy boekie 'n eenvoudige verhaaltjie (p.43):

*'n Prediker het 'n eenvoudige soekende mens met min hoop op 'n beter lewe, iemand wat God nie geken het nie, gehelp om by God uit te kom. Hy het dit gedoen deur die vrou twee eenvoudige gebede te leer. Die eerste gebed was: ' Here, toon my **myself**. ' Na 'n ruk het hy teruggekeer en die vrou se werkgewer gevra hoe dit met haar gaan. Hy het geantwoord dat sy hopeloos is en net die hele dag huil. Toe het die prediker die vrou die volgende gebed geleer: ' Here, toon my **Uself**.' Lank hierna het die prediker 'n netjiese dame raakgeloop wie hom gevra het of hy haar nog kon onthou. Hy kon nie in die dame die versukkelde vuil werker van weleer herken nie. Sy vertel toe vir hom wat gebeur het. Sy sê dat God haar eerste gebed verhoor het en haar getoon het hoe vuil en sleg sy was. Sy kon net nie meer daarmee saamleef nie totdat sy die tweede gebed geleer is en sy God gesien het. Toe sy Jesus sien in al Sy liefde vir haar, Sy opoffering om haar te red van haar sondes kon sy haar sondes bely en laat staan en in die vreugde van vergifnis lewe.*

## **8. Glo jy in die hel?**

In Joh.16:11 leer ons dat die Heilige Gees ons ook oortuig van **oordeel**. Die oordeel het te doen met die hel. Snaaks dat die Heilige Gees ons leer van die oordeel en die hel maar die hedendaagse kerk soos 'n honderd jaar gelede in Andrew Murray se tyd, verkies om die hel in sy prediking te vermy asof die hel nie bestaan nie. Tog sal die meeste van hierdie predikers tog erken dat hulle in die hel glo. Waarom sal hulle dan verkies om nie oor die hel te preek nie? Mag dit wees dat hulle vrees hulle van hulle lidmate sal verloor indien hulle van so 'n aaklige plek soos die hel sou preek? Wat egter veel erger kan wees is dat hulle verkies om nie die dodelike gevolg van 'n verwerping van Jesus aan gemeentelede uit te wys nie. Dit is tog logies dat daar net 'n verskriklike lot wag op die wat Jesus verwerp en nie in Hom as Verlosser wil glo nie. Is die hel vir jou 'n werklikheid. Wil jy dit net so graag vermy as wat jy vir ewig by Jesus wil wees?

## **9. Hoe gaan die Heilige Gees te werk om mense te oortuig.**

Praat die Heilige Gees self met 'n mond met 'n mens om hom te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel? Self praat die Heilige Gees gewoonlik nie met 'n mens nie, alhoewel Hy die oortuigingswerk in 'n mens doen. Nee, die Heilige Gees gebruik gewoonlik ander mense om mense van sonde, geregtigheid en oordeel te oortuig, namens Homself. Daarom staan daar in Joh. 16: 7 en 8 die volgende vir ons opgeteken:

*Dit is tot julle voordeel dat Ek (Jesus) weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur, En wanneer Hy kom sal hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde.*

So bereik die Heilige Gees sondaars en oortuig hulle van sonde deur geredde mense wat Sy mondstuk word. Dink in hierdie verband aan Cornelius in Hand. 11: 13. Die Heilige Gees het nie eers van 'n engel gebruik gemaak om te red nie. Die engel het gesê dat manne na Joppe gestuur moet word om Petrus te gaan haal om met Cornelius te kom praat om hom en sy huis te red. In Saulus se geval in Hand. 22:10. gryp God direk in deur met Saulus te praat.

Tans gebeur dit in lande waar sendingwerkers nie by mense kan uitkom nie, dat God direk ingryp, met mense praat en hulle tot bekering bring.

Mag dit nooit van ons as gelowiges gesê word dat ons onwillige of verstoppe kanale was waardeur die Heilige Gees ander mense wou oortuig nie.

## **10. Waarom wil jy nie die Heilige Gees toelaat om deur jou en in jou te werk nie?**

Indien jy die Heilige Gees toelaat om deur jou te werk sal Hy van jou gebruik maak. Jy moet net fyn luister na Sy stem. Dit mag wees dat Hy rustig met jou gewete oor iemand praat. Dalk voel jy terwyl Hy met jou oor iemand praat 'n behoefte om iets vir iemand te doen. Dalk is dit net om 'n stukkie brood vir 'n gehawende siel langs die pad te gee, dalk is dit 'n behoefte om

‘n ou vriend of vriendin te skakel, dalk wonder jy of iemand sy of haar probleem toe gehanteer gekry het, of wonder jy oor die uitkoms van ‘n krisis in iemand se lewe. Wanneer ons in die klein dingetjies wat die Heilige Gees by ons aanroer getrou is, sal Hy ons ook vir die groter dinge gebruik. Wanneer jy Sy stem hoor om met iemand oor sy of haar ewige bestemming te praat, weet dan dat Hy jou vir die belangrikste dinge begin gebruik. Gewoonlik sal dit eers wees nadat jy geleer het om die klein opdraggies uit te voer. Mag dit nooit in jou lewe gebeur dat die Heilige Gees jou ‘n behoefte gee om met iemand oor sy of haar siel te praat en jy dit ignoreer of uitstel nie, net om later te verneem dat dit te laat is en die persoon oorlede is. Wonder jy ook soms oor mense wat jy geken het en wie roekeloos gesterf het, sonder dat jy met die persoon ‘n gesprek oor Jesus gehad het? Sal ons eendag oor die kloof tussen hemel en hel hulle kan raaksien waar hulle vir ewig ontsettende pyn en lyding verduur? Sal ons dan weet dat ons, ons kansse goed gebruik het toe ons nog ‘n geleentheid gehad het om met die mens te praat.

### **11. Wat is by uitstek die werk van die Heilige Gees?**

In Joh. 15: staan:

*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die Waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*

Hieruit is dit duidelik dat die Heilige Gees se primêre taak is om oor Jesus te getuig. Dit is ‘n heerlike waarheid maar het ook ‘n belangrike implikasie. Die implikasie is dat ‘n mens nie werklik oor Jesus kan getuig indien die Heilige Gees dit nie deur ‘n mens doen nie. Daarom is dit uiters gevaarlik om op teologie, geleerdheid, boekekenis en eie bekwaamheid staat te maak wanneer oor Jesus getuig word. Niks verhinder iemand om oor Jesus te getuig nie, maar moenie verwag dat die een teenoor wie getuig word kragtig sal verander onder jou prediking, indien die Heilige Gees nie werk nie. Daarom is dit so tragies dat daar vandag kerke is waar die Heilige

Gees se werking ontken word. Daar word dikwels nie ruimte gelaat in die erediens vir die Heilige Gees om te werk nie. Daar is selfs kerke waar uitinge van die Heilige Gees, soos die spreek en uitleg van tale, verbied word. Hoe kan die Heilige Gees werk wanneer menslike tradisies Sy werk inhibeer. Dink maar aan 'n broer of suster wat diep geraak word deur die heilige teenwoordigheid van God en in eerbiedige aanbidding sy of haar hande tot Sy eer ophef en daar gemeentelede is wat frons oor sulke dinge wat nie in hulle kerkdienste gedoen word nie. Sal die Heilige Gees nie wegvlug van so 'n byeenkoms nie?

Watter krag kan van so 'n gemeente uitgaan om siele vir Jesus in te bring? Vir 'n kort rukkie kan daar miskien menslike beïnvloeding wees deur 'n begaafde spreker maar daar sal nooit werklike bekerings wees sonder die werking van die Heilige Gees nie. Wanneer die wil van God blatant geïgnoreer word kan die Heilige Gees nie werk nie. In Hand. 5:32 staan:

*En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees, wat deur God gegee is aan die wat aan Hom gehoorsaam is.*

Dikwels is die eiewillige ontkenning van God en Sy opdragte die rede vir die doodsheid in 'n kerk waar daar min of geen bekerings plaasvind nie. Slegs wanneer die menslike wil aan God se wil onderwerp word is daar ruimte vir die werk van die Heilige Gees. Alleen wanneer die mens na die Heilige Gees opsien om deur hom of haar van Jesus te getuig sal daar kragtige lewe in 'n bekeerling se lewe inkom. Torrey stel dit samevattend soos volg op p.55:

*As u wil hê dat die mense die waarheid aangaande Jesus Christus moet sien, moenie op u eie uitdrukkings- of oorredingsvermoë steun nie, maar werp uself op die Heilige Gees in 'n besef van u absolute hulpeloosheid; sien na Hom op om Sy getuienis aangaande Jesus Christus te lewer, en sorg dat diegene met wie u besig is, hulleself in so 'n verhouding tot God stel dat die Heilige Gees tot hulle kan getuig; sorg tewens ook dat u self in so 'n verhouding tot God is, so geheel en al aan Hom oorgegee, so afgesonderd van alles wat Sy werk hinder, dat Hy Sy*

*getuienis deur u kan lewer. In die Heilige Gees se getuienis aangaande Jesus Christus lê die geneesmiddel vir alle onkunde omtrent Christus en alle skeptisisme omtrent Christus.*

## **12. Wat van wedergeboorte by die Heilige Gees se werking?**

In Joh. 3:5 staan:

*Voorwaar, voorwaar Ek (Jesus) sê vir jou (Nikodemus), as iemand nie weer gebore word uit water en **Gees** nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.*

Mense word dus uit die krag van die Heilige Gees weer gebore. Die Heilige Gees gee nuwe lewe aan mense wat dood was vanweë hulle sondes. Alles word nuut wanneer die Heilige Gees in 'n mens kom woon. Die mens kry nuwe gedagtes, nuwe emosies en 'n nuwe wil om die goeie te doen. Die mens se gees, soos sy siel, word deur die Heilige Gees nuut gemaak.

## **13. Watter rol speel die Woord by die doping met die Heilige Gees?**

Die Woord van God is die middel waardeur die Heilige Gees lewe aan 'n mens verleen. In 1 Petrus 1:23 staan:

*Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.*

Die woord is kragtig maar dit is alleen wanneer die Heilige Gees die Woord gebruik, dat die wedergeboorte plaasvind. Inteendeel, dit is soos Paulus in 2 Kor. 3:6 sê:

*Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.*

So is daar vandag baie teoloë op preekstoele met baie kennis van die woord maar min salwing van die Gees. Die gevolg is dat mense in groot getalle opdaag om op 'n Sondag vermaak te word deur 'n verhoogkunstenaar om weer geestelik net so leeg as wat hulle die kerk ingekom het, huis toe te gaan.

#### 14. Kan die mens se siel verander?

Die mens se siel bestaan uit die denke, die emosies en die wil. Hierdie siel is verdorwe vanweë die sondeval. Alles gaan vir die natuurlike mens om die self. Hy dink oor homself, geniet homself en doen wat hy wil. Wanneer 'n mens weer deur die Heilige Gees gebore word verander die wese van die mens, sy siel begin met 'n vernuwingsproses. Weliswaar is alles nie volmaak nadat 'n mens met die Heilige Gees gedoop word nie maar die proses van die sielsvernuwing begin. So is daar by die wedergebore mens die behoefte om rein, skoon, mooi, opbouende, Godgesentreerde gedagtes te dink weg van die vorige *I, Me and Myself*, gedagtes. Waar die menslike emosies op selfgenot en selfbevrediging ingestel was, is die wedergebore kind van God nou deur die emosie van liefde vir ander en God gedrewe, in plaas van sy eie selfgenot en eiebelang. Waar die menslike wil selfsugtig en selfgesentreerd was, word dit dan geleidelik, volgens God se belofte, 'n gewilligheid om te doen wat God wil hê. Alleen wanneer die menslike wil aan God oorgegee word en ondergeskik aan God se wil gestel word, kan hierdie heerlike proses van sielsverandering plaasvind.

Dit is slegs wanneer die Heilige Gees van God se geskrewe Woord gebruik maak dat die Woord krag kry en wedergeboorte kan laat plaasvind. Wedergeboorte is dan wanneer God Sy eie natuur in ons oorplant. Die aanvaarding van hierdie hele proses mag oombliklik wees maar mag ook oor 'n tyd plaasvind. Wedergeboorte vind egter oombliklik plaas soos by die medegekruisigde van Christus.

Torrey (p.62) verduidelik dit soos volg:

*Net soos ons absoluut afhanklik is van die werk van Christus vir ons ten opsigte van regverdigmaking, so is ons absoluut afhanklik van die werk van die Helige Gees in ons ten opsigte van wedergeboorte.*

*Maar as ons terwyl ons preek of leer of persoonlike werk doen, na die Heilige Gees opsien om Sy werk te doen, sal Hy die saad wat ons saai, lewend maak, en dit sal wortel skiet in die hart van diegene met wie ons praat.....*

### **15. Waarom is *toelaat* so belangrik?**

Jesus het gesê:

*As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en my volg ( Mat.10:38).*

Die hart van hierdie woorde is selfverloëning. Die rede waarom selfverloëning so belangrik is, is omdat dit die hart, die kern, die oorsprong van sonde is. Nie net by die mens nie, maar nog voor die mens, was dit satan se oersonde, die gebrek aan selfverloëning en daarmee saam die selfverheffing, die trots, die geneigdheid om self god te probeer wees. Die mens het in die paradys die oersonde voortgesit toe hy soos God wou wees deur alles te ken, in plaas daarvan om homself te verloën en gehoorsaam te doen wat God gesê het hy moet doen.

Waarom is dit vir die mens so moeilik om homself te verloën? Iets van die basiese verdorwenheid in die mens is die behoefte om sy eie wil te doen in plaas van om God se wil te doen. Weer het dit te make met die behoefte om jou eie god te wees, onafhanklik, jou eie ding te doen, jou eie selfsugtige behoeftes te bevredig, vir jouself te leef. Daarom is die liefde vir God en vir die medemens die verloëning van die self en die stel van die ander se belang bo jou eie.

Wanneer die mens se eie wil gekruisig word, word hy gereed vir die volgende stap en dit is om God se wil toe te laat. Die leë selfverloënde self het nou ruimte diep binne die self om God se wil te ontvang. Nou kan die mens in die posisie van die ontvangende bedelaar kom, hy is gereed om te ontvang. Die meeste mense veg hard teen die posisie in hulle lewens. Hulle sal graag gee want dit laat hulle meerderwaardig voel, maar is dikwels nie in staat om iets van iemand anders



te ontvang nie. Dit laat hulle voel hulle is die gewer se mindere en dit is moeilik vir mense om in daardie posisie te kom. Toelaat dat ander vir jou gee is die teken dat jou wil gekruisig word en so ook jou eie ek. Eers wanneer jy geleer het om te ontvang is jy gereed vir God se goedheid wat Hy aan jou wil uitdeel. Hy deel immers nie Sy eer met iemand anders nie, nie eers met jou nie. Wanneer jy kan ontvang sonder om 'n teenprestasie te probeer lewer sodat dit tog kan lyk of jy iets verdien het van dit wat jy ontvang, gaan God se hand vir jou oop.

'n Verdere baie belangrike ding wat met toelaat saamloop is die vermoë om te ontvang. Dit is nooit genoeg om net toe te laat dat iemand iets vir jou gee nie. Indien jy nie jou hand uitsteek en dit in ontvangs neem nie, kan dit nie jou eie word nie. So is dit ook met die genade van Jesus; jy kan nederig in selfverloëning voor Hom kom wanneer Hy die geskenk van sondevergifnis, die ewige lewe en Sy Gees vir jou aanbied. Jy kan verder jou eie wil verloën en Sy liefdesgeskenk vir jou toelaat. Indien jy egter nie bereid is om jou hand uit te steek en die genadegeskenk te neem en jou eie te maak nie, sal jy nooit die geskenk besit nie.

Nadat 'n mens deur toelating die geskenk wat iemand jou gee ontvang het, moet dit tog gebruik word. Dit help nie die geskenk staan onoopgemaak op die rakkie bo die kaggel nie. Dit is tog seker nie vir daardie doel gegee nie. Weer sal Jesus se wyse woorde waar word toe Hy gesê het dat dit makliker vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in God se koninkryk in te gaan. 'n Ryk man wat alles besit sal tog nie eintlik in nog 'n ou geskenkie belangstel nie. Daarom sal die geskenk maklik onoopgemaak in sy huis op die rakkie lê. Hy het dit nie nodig nie. Vir die arm man sal dit 'n heel ander saak wees. Hy sal nie kan wag om die geskenk oop te maak en dit met dankbaarheid en vreugde te gebruik nie, Sê nou maar die geskenk was 'n bruikbare muurhorlosie wat terselfdertyd vir jou die temperatuur en voginhoud weergegee het en die arm man was 'n boer wat maar 'n sukkelbestaan gevoer het. Die oomblik wanneer die boer die horlosie begin gebruik sal sy kans om suksesvol te boer verbeter. Hy sal deur die alarm wakker gemaak word, hy sal weet wanneer dit gaan reën en hy

sal weet wanneer swartryp gaan toeslaan. So sal sy lewe deur die inligting wat die geskenk verskaf sinvol en suksesvol kan word. Wanneer ons God toelaat om die geskenk van God se Gees vir ons te gee deurdat ons Hom daarvoor vra, ons dit in ontvangs neem, die geskenk met dank en verwagting vreugdevol toelaat om ons lewens te stuur en te beïnvloed sal ons soveel meer lewensvrug kan voortbring. Die volgende vrug van Sy, die Heilige Gees, se inwoning sal ons deel wees as ons Hom maar net wil toelaat om ons te lei, te beheer en te bestuur (Gal.5):

*Liefde, Vrede, Vreugde, Vriendelikheid,geduld, Goedhartigheid, Getrouheid, Nederigheid en selfbeheersing.*

Die volgende twee woorde is dan van die belangrikste woorde in die Bybel:

***Toelaat--- en Onderwerp.***

### **16. Wat is die verskil tussen wedergeboorte en doping met die Heilige Gees?**

Die doping met die Heilige Gees is 'n ervaring wat duidelik herkenbaar is tot so 'n mate dat iemand wat die ervaring van die doping gehad het beslis daarvan sal weet. Dit is duidelik uit die ervaring van die apostels met die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag ( Hand.1:4).

Die doop met die Heilige Gees vind plaas na die wedergeboorte. Dit is bykomend tot wedergeboorte. So kan die mens deur die Heilige Gees wedergebore word maar 'n ervaring van die doping met die Heilige Gees direk na sy wedergeboorte of later deelagtig word ( Hand. 8:15 en 16).

Dit is belangrik om te onthou dat elkeen wat wedergebore is, reeds iets van God se Gees in hom of haar ontvang het. Die werking van die Heilige Gees is egter beperk en daar is nie veel krag in so 'n persoon se lewe nie. So is daar baie gelowige wedergebore kinders van God in die kerk maar dikwels is hulle kragteloos omdat hulle nog nie die doping met die Heilige Gees

ontvang het nie. Daar is 'n groot verskil tussen die inwoning van die Heilige Gees in een of ander klein kamertjie van 'n persoon se hart en die volle besitneming van die hele hart van 'n mens. 'n Mens moet die Heilige Gees in sy volle wese ontvang en toeëin voordat daar sprake van doping met die Heilige Gees kan wees. Die volle moontlikheid van die volle oornamewerking van die Heilige Gees in 'n mens se lewe is dan aanwesig maar die volle werking het nog nie plaasgevind nie.

Die gelowige wat gedoop word met die Heilige Gees word deel van die liggaam van Jesus Christus. Hy of sy is 'n deel van God, soos 'n lidmaat deel is van 'n liggaam. Soos ledemate elk 'n funksie in die totale liggaam het, het die lidmaat van God se kerk ook 'n funksie. Vir die doel ontvang die lidmaat 'n gawe waardeur diens gelewer kan word. Die Heilige Gees word altyd gegee vir dienslewering en getuienis en nie vir die persoonlike genieting van die persoon wat Hom ontvang nie. So word die persoon wat gedoop word in die Heilige Gees toegerus met 'n woord van wysheid, of 'n woord van kennis, of geloof, of die gawe van genesing, of 'n werking van kragte, of profesie, of onderskeiding van geeste of die spreek in tale of die uitleg van tale ( 1Kor. 12). Mense ontvang verskillende gawes en behoort in diepe afhanklikheid van die Heilige Gees sy unieke gawe te ontdek en nie ander mense se gawes probeer naboots nie.

### **17. Is die doping met die Heilige Gees 'n eenmalige ervaring?**

Die doping met die Heilige Gees is 'n eenmalige unieke gebeurtenis. Dit is egter so dat 'n mens die salwing van die Heilige Gees kan verloor. Die unieke salwing van tien of vyftien jaar gelede sal dalk nie genoeg wees om 'n nuwe uitdagende omstandigheid die hoof te bied nie. 'n Prediker se preke kan kragteloos word al is hy met die Heilige Gees gedoop, indien daar nie'n nuwe vervulling met die Heilige Gees van tyd tot tyd plaasvind nie. Daarom is dit nodig dat 'n nuwe vervulling met die Heilige Gees gesoek word vir elke nuwe geval van diens en getuienis.

Daar is die unieke persone wat so voortdurend met God wandel dat daar 'n voortdurende salwing van die Heilige Gees op hulle lewens is.

Die doping met die Heilige Gees is vir alle wedergebore kinders van God bedoel. Dit kan gesê word dat die doping met die Heilige Gees die geboortereg van 'n wedergebore kind van God is. Ongelukking aanvaar nie alle kinders van God hierdie geboortereg vir hulleself nie. Dit beteken nie dat die geboortereg van die Heilige Gees nie syne is nie. Die keuse om die geboortereg te aanvaar lê by die wedergebore kind van God. Daar is egter voorwaardes aan verbonde. Kom ons kyk in die volgende vraag na wat hierdie voorwaardes is, hoe die proses van Heilige Gees doping verloop.

### **18. Hoe verloop die proses van Heilige Gees doping? Wat moet ons doen om die doop met die Heilige Gees te ontvang?**

Die antwoord op hierdie vraag word in Handeling 2:38 vir ons gegee:

*En Petrus sê vir hulle: 'Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.'*

1. Om jou te bekeer beteken om weg te draai van jouself af en wat jy kan doen om goed te wees na Jesus toe, die Een wat goed is, om te vertrou op wat Hy gedoen het. Torrey vat dit mooi saam ( p. 122):

*Die ou mens se godsdiens bestaan in wat jy **d-o-e-n**. Die nuwe mens in Christus se godsdiens bestaan uit **g-e-d-o-e-n**. Die eerste stap van bekering is om weg te draai van die self en te steun op wat Christus vir jou redding gedoen het.*

Hierdie eerste stap is nie altyd so maklik nie. Die rede is dat mense 'n verdorwe natuur het. Van Adam en Eva af, het die mens gepoog om self god te wees. Satan het met die verleiding begin toe hy begin glo het dat hy vanweë sy bekwaamheid, luister en voorkoms self god kan wees. Sy opstand teen God en sy hoë dunk van homself het hom

sy plek in die hemel gekos. Hy het sy denke in Eva laat posvat en haar belowe dat sy soos God kan wees, deur alles te kan ken, indien sy bereid is om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet.

Die mens het sy eie god geword. Deur die laaste 6000 jaar tot vandag is dit die mens se grootste ambisie om self god te wees. Daar is net een God naamlik God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die natuurlike ongeredde mens poog om self god te wees deur homself te verhoog deur geleerdheid, posisie, geld, mag en positiewe selfdenke. Hy dien homself deur plesier, genot, passiwiteit, sy beroep, sy sport, sy afleidings, sy vrou en kinders en sy voorkoms.

2. Om jou te bekeer beteken ook om op 'n ander manier na sonde te kyk. Waar die ou mens sonde liefgehad en geniet het, haat die nuwe mens sonde en is dit sy lewensstrewing om Jesus nie weer deur sonde teleur te stel nie. Daar moet dus 'n duidelike keuse gemaak word tussen die Heilige Gees en die onheilige sonde. So ontbeert baie mense die kragtige werking van die Heilige Gees wanneer hulle aan een of ander sonde vasklou. Gewoonlik sal jou gewete hierdie sonde aan jou openbaar wanneer jy 'n intieme oorblik saam met Jesus in die gebed deurbring.
3. Om jouself te laat doop beteken om in die openbaar 'n verklaring te maak van die versaking van sonde en die aanname van Jesus Christus as Verlosser. Die openbare bekeringsdoop is die beste manier waarop dit gedoen kan word. Hierdeur verklaar die wedergebore mens dat hy homself verloën en Jesus as die enigste Reiniger van sy sondevuil aanvaar (Gal. 2:20).

4. In Handeling 5:32 word die vierde stap aangedui :

*En ons is Sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.*

God gee die Heilige Gees aan die wat Hom gehoorsaam is.

Andrew Murray beklemtoon dat dit onmoontlik is om die Heilige Gees te ontvang indien die mens nie bereid is om sy totale wil in alles aan God oor te gee nie. Hy beklemtoon ook dat God alles van 'n mens vra. Hy is nie bereid om jou of iets van jou lewe met jouself of ander te deel nie. Hy vra alles, veral jou wil. Die mens se eiewilligheid het immers tot die val van die mens in die paradys gelei. Alleen in algehele oorgawe aan God word die totale vervulling met die Heilige Gees moontlik. Dikwels is 'n mens nie hiertoe in staat nie. Wat 'n wonderlike God dien ons nie. Hy is selfs bereid om jou wil te verander indien jy Hom vra en Hom toelaat. Dit is immers Hy wat vir ons in Sy woord die volgende laat opteken het:

*Dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil te doen (Fil 2:13)*

- 5 Die vyfde stap om die Heilige Gees te ontvang is om te dors na Sy Gees, om te verlang om deur Hom gevul te word. In Joh. 7:37 staan:

*As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê : strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo.*

Sonder 'n waaragtige dors, 'n diepe behoefte aan Hom, sal Hy by ons verbygaan na iemand anders toe wat Hom waarlik begeer en intens na Hom verlang. Die verlange na die Heilige Gees moet geïnspireer, gedryf wees deur Jesus, Jesus se belang, Sy koninkryk, Sy eer en Sy verheerliking.

6. In Lukas 11:13 staan:

*As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid.*

'n Mens kan nie die Heilige Gees ontvang indien jy dit nie vir jouself toeëien nie. Die manier waarop jy dit vir jouself vat, dit jou eie maak is deur gebed, 'n gelowige vra dat God Sy Gees vir jou moet gee.

7. Die laaste stap is die eenvoudigste maar vir baie mense die moeilikste stap in die verkryging van die Heilige Gees. In Markus 11: 24 staan:

*Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang, en julle sal dit verkry.*

Dit is alleen wanneer 'n gelowige in verwagting na God toe kom en Hom ten volle vertrou, dat God Sy getrouheid betoon en doen wat Hy sê. Dan kan 'n mens God se Gees in ontvangs neem. Weet dan dat jy Hom ontvang het. Lewe dan kragtig uit Hom vir God en maak Sy koninkryk vol.

Kom ons sluit nou die gedeelte oor die ontvang van die Heilige Gees af met 'n direkte aanhaling uit Dr. R.A.Torrey se geseënde boek *Die Heilige Gees* p.143:

*U het al die ses ander stappe gevolg en u het na God toe gekom en Hom uitdruklik gevra om u met die Heilige Gees te doop. Vra uself af: 'Is hierdie bede van my volgens Sy wil? U weet dit is omdat Hand. 2:39 en Lukas 11:13 dit sê. Lees dan 1 Johannes 5:14:*

*“En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets volgens Sy wil vra.”*

*Sê dan: “Ek het om die doop met die Heilige Gees gebid; ek weet dit is volgens Sy wil omdat God dit sê in Lukas 11:13 en Handeling 2:39, daarom weet ek Hy het my verhoor. “*

*Lees dan vers 15:*

*En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het. “*

*Sê dan:*

*“ Die bede wat ek gevra het was die doping met die Heilige Gees; ek weet Hy het my verhoor; ek weet ek het verkry wat ek gevra het: **Ek weet ek het die doop met die Heilige Gees ontvang.**”*

*En wat u aldus op die naakte woord van God in die geloof aanvaar, sal u naderhand werklik proefondervindelik besit.*

My gebed vir u is dat u hierdie gedeelte oor die Heilige Gees en hoe om Hom te ontvang met vrug deurgewerk het, dat u nou oortuig is daarvan dat U met God se Gees vervul is en dat u nou gereed is om vrugbaar vir Hom in Sy diens aangewend te word.

Dit bring ons dan by die derde en laaste deel van die boek. Hier sal enkele insidente opgeteken word van hoe groepe mense, na die uitstorting van die Heilige Gees, die blye evangelieboodskap aangeneem het. Waar die eerste gedeelte individuele bekerings hanteer het, sal ons in die laaste gedeelte iemand uit die groter gehoor aan die woord stel om te vertel.

\*\*\*\*\*



## Deel 3: Na die uitstorting van die Heilige Gees

### Pinkster in die jaar nul ( Hand. 2:37 )

“Een dag kort nadat Jesus, volgens sy dissipels, uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel toe, was ek in Jerusalem. Een van Jesus se dissipels, ‘n man met die naam van Petrus, het die mense toegesprek. Daar was van die mense wat gedink het dat Jesus se dissipels te veel gedrink het want hulle het in allerhande tale oor Jesus gepraat, tale wat hulle nie geken het nie. Die meeste van ons was verwonderd want ons het geweet dat die dissipels maar ‘n ongeleerde klomp manne was. Hierdie praat in tale van ander nasies het gebeur nadat ons ‘n geweldige stormwind gehoor het. Ons het almal gaan kyk wat gebeur en dit is toe dat ons hoor dat daar iets soos vuurvlamme op die dissipels gekom het saam met die stormwind. Dit is net hierna dat hulle so wonderbaarlik in ander volke se tale gepraat het. Die mense wat daardie tale geken het, het gesê dat die dissipels dit foutloos gepraat het. Vreemde dinge het in Jerusalem begin gebeur terwyl hierdie leier van die dissipels, ‘n ene Jesus, daar opgedaag het. Ons weet dat hy gekruisig is, want ons het dit self gesien gebeur. Ek weet hy het gesterf en het gesien hoe hulle sy liggaam van die kruis afhaal en in Josef se nuwe graf neerlê. Hulle sê **die** Jesus het uit die dood opgestaan en aan baie mense verskyn. Ek het dit nie self gesien nie maar ek weet van die stormwind en die praat in die vreemde tale.

Na hierdie dinge het die dissipels se leier, ‘n ene Petrus, opgestaan en met ons begin praat. Op hierdie stadium was daar al ‘n paar duisend mense saamgedrom om te sien wat gebeur. Ek, as Jood, het die profete se uitsprake van honderde jare terug, geken. Toe Petrus dan begin praat van ons profeet Joël het ek geweet hy praat die waarheid. Dit is net soos die profeet gesê het:

*So sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal My Gees uitstort op alle mense; julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle ou mense sal drome droom. Ja, op my dienaars en my dienaresses sal ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee; bloed en vuur en rookwolke. Die son sal pikdonker word en die maan rooi soos bloed, voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word ( Joël 2:28)*

Toe ek hierdie woorde hoor het ek besef dat van hierdie dinge wat die profeet voorspel het, besig was om voor my oë af te speel. Van die ander dinge wat ons profeet voorspel het, sal seker later gebeur, dalk lank na my tyd.

Nietemin, die Petrus het my aandag gehad. Toe hy nog verder vertel van ons groot koning Dawid en hoe sy profesieë ook in verband met Jesus gebring word, het ek amper in die Jesus begin glo ( Ps. 16:10 en Ps. 110:1).

Toe Petrus verder preek en vir ons duidelik uitlê hoe dit wat ons aan Jesus gedoen het , duidelik voorspel is en dat God se Seun, Jesus, waarlik die geseënde Messias was, Wie ons so lank verwag het, het ek geweet dat Jesus die Here is. Daar was baie van ons wat so in die hart gegryp is deur hierdie preek van Petrus. Ons het hom toe gevra wat ons nou moet doen . Petrus het vir ons mooi verduidelik dat ons met wegdraai van al die verkeerde dinge wat ons gedoen het. Dat ons ons dan moet laat doop in die Naam van Jesus Christus. Hy het ons verseker dat God dan ons sondes sal vergewe en dat dit nie meer nodig sal wees dat ons offers na die tempel toe te moet bring vir ons sondes nie want Jesus is die Offerlam van God. Al die ou offerhandes het na Jesus die Offerlam van God verwys. Petrus het belowe dat as ons doen wat hy sê ons ook die Heilige Gees, soos die dissipels sal ontvang. Petrus het ons aangemoedig om ons dadelik te laat red.

Ek het net geweet dat ek hierdie kans nie moet laat verbygaan nie. Daar was baie van ons wat die woorde geglo en aangeneem het. Ons het ons toe laat doop en is met die Gees vervul. Daar is omtrent 3000 mense die dag gedoop. Ons lewens het radikaal verander en ons het vol liefde ons goed verkoop, die geld na die apostels toe gebring sodat vir ons arm broers gesorg kon word. Die hele tyd het ons God geprys en het ons saam dinge gedoen, soos ons bymekaar gekom het. God het ons geseën en die volk was ons goedgesind gewees. Die verdere groot wonder was dat God elke dag nuwe mense by ons, wat glo, gevoeg het. Nouja, dit is my storie.”

## **Die lyding begin ( Hand.3:1 tot 4: 4)**

“Ek weet van die man wat vertel het van 3000 mense wat op Pinksterdag tot bekering gekom het. Ek was nie deel van hierdie 3000 mense wat Jesus op Pinksterdag as Verlosser aangeneem het nie. Ek het daarvan gehoor maar was nog nie deel van die groepie volgelinge van Jesus nie. Kom ek vertel jou hoe het ek in Hom begin glo.

Ek het ‘n bedelaar geken wat gereeld by die Mooipoort van die tempel gesit en bedel het. Ek weet hy was van sy geboorte af verlam, want sy mense het hom elke dag daar kom neersit. Een dag het die twee van Jesus se dissipels, Petrus en Johannes, by die man verbygeloop. Ek dink hulle was maar arm want hulle kon nie vir hom geld gee nie.

Hulle was egter bereid om van die krag wat die Heilige Gees op hulle uitgestort het met die verlamde te deel. Petrus het vir die man gesê dat hy nie geld het nie maar dat dit wat hy het, hy vir die man wil gee. Die verlamde het seker gedink dat hy kos of iets anders gaan kry. In sy wildste drome het hy seker nie verwag wat toe gebeur het nie:

Petrus sê toe: *‘ In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!’* Petrus het hom toe by die hand geneem en gehelp om op te kom. Dadelik het sy voete en enkels sterk geword en hy kon loop. Die man kon God nie genoeg prys nie en het agter die dissipels in die tempel ingeloop. Ons wat dit gesien het, het net geweet dat dit God se werk is. Wat ons nie geweet het nie is dat God die wonder gaan gebruik om nog baie groter wonderwerke te laat plaasvind. Hy wou ons siele red en die wonder was maar net om ons te help om in Hom te glo. Hierna het Petrus in die pilaargang van Salomo met die mense begin praat. Hy het eers die eer vir die wonderwerk aan God gegee en toe daarvandaan die mens gelei om Jesus as die Seun van God, die Messias, te aanvaar.

Dit is veral Petrus se manier om te wys hoe die profesieë, selfs solank terug as Samuel se tyd, in Jesus se koms in vervulling gegaan het. Toe Petrus en Johannes weer vertel van hoe Jesus uit die dood opgestaan het, het die priesters, die bevelvoerder van die

tempelwag en die Sadduseërs op Petrus-hulle afgestroom. Ek het gedink hulle gaan die dissipels doodmaak. Hulle het vir Petrus en Johannes egter net gevange geneem en hulle soos misdadigers in die tronk toegesluit tot die volgende môre toe. Daar is baie van ons wat deur die woorde van Petrus en die kragtige werking van die Heilige Gees oortuig is dat Jesus die Messias, die opgestane Heiland is. So het daar daardie dag nog honderde mense tot geloof in Jesus gekom sodat ons getal gelowiges aangegroei het tot 5000.

## **Die groot gebedsbyeenkoms ( Hand. 5:17)**

“ Ek weet daar het nou al twee ander mense vertel van die begintyd toe ons by Jesus uitgekom het. Ek is ‘n ander een van die 5000 mense wat in Jesus begin glo het in Jerusalem. Ons het gesien dat dit ons voorreg is om nie net in Jesus te glo nie maar ook vir Hom te ly toe die owerpriesters en die Sadduseërs vir Petrus en Johannes gevang en hulle in die tronk gegooi het, net omdat hulle gesê het dat Jesus uit die dood opgewek is. Nadat Petrus en Johannes vrygelaat is, het hulle by ons aangesluit en ons vertel wat alles gebeur het en hoe die familiehoofde hulle monde probeer toemaak het om nie meer van Jesus te vertel nie. God was op daardie oomblik so kennelik by ons teenwoordig dat ons nie anders kon as om in spontane gebed met Hom te begin praat nie. Ons het in gesamentlike gebed gegaan. Toe ons dit doen het die Heilige Gees, God se profetiese woord vir ons oopgemaak. In ons gebede het ons vir God gesê dat ons nou weet dat dit werklik Hy is wat die hemel en die aarde gemaak het, die see en alles wat daar is. Ons kon ook bely dat ons nou weet dat dit die Heilige Gees is wat deur ons groot koning Dawid gesê het:

*Waarom het die heidennasies te kere gegaan, en het die volke sinnelose planne beraam?*

*Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en Sy Gesalfde ( Ps. 2:1)*

Ons het aan God erkenning gegee dat dit volgens hierdie profesie is wat alles in hierdie stad Jerusalem gebeur het: Herodus en Pontius Pilatus het met die heidennasies en die volk Israel saamgespan teen Jesus, Hy wat deur God self gesalf is. Ons kon sien dat hulle alles gedoen het wat vooraf deur God beskik en besluit is. Ons het God gevra dat Hy tog moet raaksien hoe hierdie selfde mense in hoë posisies ons dreig . Ons het God gevra om ons vrymoedigheid te gee om Sy woord te verkondig, maak nie saak wat hulle

aan ons doen nie. Ons het ook gevra vir tekens, wonders en genesings omdat dit soveel kragtiger is as om net te praat. Altyd moet daar net eer en dank aan Jesus gebring word as die Een deur wie dit alles gebeur.

Ons moes volgens God se wil gebid het want nadat ons gebid het, is die gebou geskud. Toe het die groot wonder plaasgevind: ons is almal met die Heilige Gees gedoop, ja, ek ook. Hierna kon ons nie anders nie, ons het met vrymoedigheid uitgegaan en die woord van redding van siele deur Jesus gaan verkondig.

Ek wil julle ten slotte net vertel hoe ons as vroeë kerk onderling vir mekaar omgee het: Ons was eenstemmig. Ons het dieselfde gedink, gevoel en gewil. Jy weet mos hoe belangrik mense se besittings vir hulle is en dat jy moet kyk hoe hulle met hulle besittings maak as jy wil sien of hulle regtig vir Jesus lief is. Nou ja, die van ons wat besittings gehad het, het dit verkoop en die geld is gebruik om vir die van ons wat arm was te sorg. Ons kon ook nie ophou om kragdadig te getuig dat Jesus uit die dood opgestaan het nie. Dit was so 'n wonderlike tyd. Ek vertrou dat jy wat hier lees ook so deel van 'n groep gelowiges sal wees, mense wat vir Jesus lief is.”

### **Priesters word gelowig ( Hand. 6:7)**

“Omdat ek ‘n priester is, weet ek meer as baie ander mense. Ek weet byvoorbeeld wat in die Joodse Raad gebeur het toe Petrus en Johannes die Raad toegesprek het, en hulle uitdruklik bewys het dat die Joodse owerstes vir die dood van God se Seun verantwoordelik was. Indien dit nie vir die wyse Gamaliël se ingryping was nie sou hulle seker vir Petrus en Johannes dood gemaak het. Die wyse man het die Raad oortuig dat, indien wat om Jesus gebeur het, nie van God was nie, alles sal oorwaai, maar as dit van God is, niemand God se wil sal kan keer nie. Gelukkig het hulle na hom geluister, die apostels verbied om verder oor Jesus te praat en die apostels ‘n wrede aantal houe laat toedien. Hulle het nie besef dat die volk oor hierdie dinge praat en dat die lyding van Jesus se volgelinge net nog meer mense oortuig het dat Jesus werklik die Seun van God is nie. Wie sal tog so dom wees om marteling te ondergaan indien hy nie oortuig daarvan is dat dit wat hy doen die moeite werd is nie? Gedurig het die wat in Jesus glo meer geword. Hulle was later so baie dat hulle diakens moes aanstel om met die versorging van die armes te help.

Soos God se woord versprei het, het die gelowiges in Jerusalem geweldig toegeneem. Sels ‘n groot aantal priesters, waarvan ek een is, het gelowig geword ( Hand. 6:7).”



## **Verspreiding van die Evangelie buite Jerusalem begin (Hand. 7:54)**

“Ek wil julle, soos die vriende voor my, meer vertel van die wonderlike tyd net na Jesus se hemelvaart. Ek wil graag vertel van wat met ‘n goeie man uit ons geleedere gebeur het. Sy naam was Stefanus. Hy was so vol van die Heilige Gees. Hy het vol krag openlik en vreesloos van Jesus getuig. Die owerstes van die Jode het hom gehaat want hulle was met al hulle wysheid en boekkekennis nie in staat om die argumente en kragtige getuienis van die Heilige Gees, deur Stefanus, te weerstaan nie. Uit frustrasie het hulle, na een van die grootste preke wat hy voor hulle gelewer het, vir Stephanus gestenig. Die manier wat hierdie Godskind gesterf het, het baie aan Jesus se afsterwe herinner. Ook hy het neergesak en soos Jesus gesê:

*‘Here Jesus, ontvang my gees. ‘ (Hand. 7:60)*

Hierna het hy soos Jesus sy moordenaars vergewe met die woorde:

*‘Here moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie.’*

Die rede waarom ek hierdie gedeelte vir julle vertel, is omdat daardie selfde dag toe dit gebeur het, daar ‘n grootskaalse vervolging van die gelowiges in Jerusalem begin het. Al die gelowiges, behalwe die apostels, is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria (Hand. 8:2).

In Samaria, die land van die veragte Samaritane, het Filippus die mense van Jesus gaan vertel. Toe die mense hoor wat hy van Jesus sê en die wonders sien wat hy doen, het daar heelwat Samaritane tot bekering en geloof in Jesus gekom. Dit was nie die eerste keer dat hulle van Jesus gehoor het nie. Toe Jesus deur hulle land gestap het, het hy mos by die waterput van Jakob die slegte vrou tot bekering gelei en in die twee dae wat hy by die Samaritane deurgebring het, het daar heelwat mense tot geloof in Hom gekom. Nou was dit weer Samaria se beurt om die Evangelie te hoor. Die vrug van die Gees was merkbaar in die vreugde van die baie mense in Samaria oor die Evangelie en

die baie genesings en wonderwerke wat daar plaasgevind het. Dit het behoorlik gelyk of Jesus 'n besondere deernis vir hierdie groepie veragte mense gehad het, in die besondere genade wat Hy aan hulle openbaar het. Die doping met die Heilige Gees was egter nog nie hulle deel nie. Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die Samaritane die Evangelie aanvaar het, het hulle Petrus en Johannes na hulle toe gestuur. Hulle het vir die Samaritane gebid dat hulle die Heilige Gees doping moet ontvang. Hulle het die Samaritane die hande opgelê en die Samaritane het die Heilige Gees ontvang. Hierdeur is hulle toegerus vir diens en getuienis. “

## **Die Evangelie kom na Afrika toe ( Hand. 8:29)**

“Ek is ‘n Etiopiër, ‘n man van Etiopië. Ons land het nie gelê waar julle vandag Etiopië op julle kaarte aandui nie. Ons land was meer waar Somalië op julle kaarte lê. Lank terug het daar Jode na ons toe gekom. Ons was eers ‘n magtige land en het selfs Egipte oorheers op ‘n stadium. Ek weet nie wanneer die Jode ons van hulle God kom vertel het nie maar daar was mense by ons, soos ek, wat die Joodse geloof aangehang het en Jehova aanbid het. Ek het ‘n belangrike pos as finansiële bestuurder in die regering van die kandace, of soos julle sal sê die koningsfamilie, beklee. Ek was ook ontman. Dit is nou maar hoe dit was. Op die redes daarvoor sal ons nie nou ingaan nie. Nietemin wil ek julle graag vertel van my gereelde besoek aan Jerusalem waarheen ek gegaan het om te aanbid. Dit was in die tyd net na die profeet Jesus se dood aan die kruis. Alles was deurmekaar in Jerusalem en daar was heelwat spanning in die tyd wat ek daar was. Op my terugreis het iets merkwaardigs gebeur. Ek was besig om uit die boek van die profeet Jesaja te lees toe daar skielik ‘n man langs my wa verskyn. Tot vandag toe weet ek nie waar hy so skielik vandaan gekom het nie. Hy vra my toe:

*‘Verstaan u wat u lees?’ ( Hand. 8:30)*

Hoe kon ek verstaan indien daar niemand was wat vir my die Skrif kon uitlê nie. Wat toe gevolg het is die wonderlikste ervaring van my lewe. Die man, het ek later uitgevind sy naam is Filippus, het vir my die hele volgende gedeelte mooi verduidelik:

*‘Soos ‘n skaap is Hy gelei, om geslag te word; en soos ‘n lam wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie Sy mond oopgemaak nie. In Sy vernedering het daar nie reg aan Hom geskied nie. Wie sal van sy nageslag vertel? Sy lewe word beëindig.’ ( Jes. 53:7)*

Die profeet het toe vir my mooi uitgelê dat dit alles van Jesus spreek. Ek het dadelik geglo en die man gevra of ek gedoop kan word aangesien daar heelwat water in daardie streek was. Filippus het saam met my in die water ingegaan en daar het Hy my gedoop.

Toe ons uit die water uitkom het die Gees vir Filippus weggeneem en ek kon my reis met blydschap voortsit om vir die mense in Afrika van Jesus te gaan vertel. Merkwaardig dat God Afrika uitgekies het as die eerste land buite Israel waar Sy Evangelie verkondig sou word. Het Hy ons dalk net so jammer gekry as die Samaritane omdat ons nie heeltemal soos die Jode gelyk het nie?

## Sirië en verder (Hand. 9:15)

My naam is Ananias wat Grieks is vir die Hebreuse Hananja wat beteken *God het help*. Ek woon in Sirië. Alhoewel ons nie deel is van Israel nie weet ons nogal wat daar aangaan. Ons het gehoor van Jesus en van ons mense het Hom ook as Verlosser aangeneem. Ons het gehoor dat daar 'n verskriklike vervolging van Jesus se aanhangers in Jerusalem plaasvind. Daar was veral een Fariseër wat geweldig teenoor die volgelingen van Jesus opgetree het. Sy naam was Saulus. Hy het mense uit hulle huise gesleep wanneer hy vermoed het dat hulle ondersteuners van Jesus is. Hy was oral bedrywig en toe hoor ons dat hy op pad is na Damaskus toe, ons hoofstad. Tot hier die verhaal. Nou gaan ek julle eers vertel wat met Saulus gebeur het terwyl hy op pad was Damaskus toe. Ek gaan dit vertel soos Lukas dit vir ons opgeteken het: ( Hand. 8:3)

*Toe hy ( Saulus) op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' 'Wie is U Here' vra hy toe.' Ek is Jesus', antwoord Hy. 'Dit is vir My wat jy vervolg. Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen'*

Die mense vertel my dat die arme Saulus glo sprakeloos van skrik was. Hy was ook oombliklik blind. Die eens so sterke Saulus, was nou blind en moes gelei word. Vir drie dae kon hy niks sien nie.

Dit is nou hier waar ek in die storie inkom. Jesus verskyn aan my en sê ek moet na 'n plek toe gaan in Reguitstraat want daar is 'n man met die naam Saulus besig om te bid. God sê toe Hy het aan Saulus openbaar dat Hy, vir my, Ananias, na hom toe sal stuur om sy oë te genees. Nou ja, dit is nie iets wat ek elke dag doen nie, maar toe ek hoor van Saulus het ek gedink die Here maak 'n fout. Ek het dan ook met God probeer

redeneer en vir Hom vertel van hoe hierdie Saulus die volgelinge van Jesus verniel het.

Toe sê die Here vir my:

*‘Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om My Naam, uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel. Ek sal self vir hom wys hoeveel hy vir My Naam moet ly.’*

Ek het gedoen wat God vir my gesê het en Saulus die hande opgelê. Hy kon dadelik sien, is gedoop en is met die Heilige Gees vervul.

Merkwaardig hoe God werk, want Saulus het ‘n paar dae in Damaskus gebly en dadelik die Evangelie van Jesus begin verkondig. Hy het ook die Jode in Damaskus aangevat en bewys dat Jesus die Christus is. Natuurlik wou die Jode hom toe ook doodmaak.

Hierdie Saulus se naam is later na Paulus toe verander en hy het groot werk vir Jesus se koninkryk gedoen en baie siele is deur hom die koninkryk van God ingebring. Dit was die genadetyd vir die heidennasies wat vir ten minste 2000 jaar sou duur.

\*\*\*\*\*

## **Deel 4: Die Evangelieverspreiding vandag ..... 2018**

Vandag 2000 jaar later lyk die prentjie aansienlik anders. Die meeste gelowiges glo dat ons vandag in die eindtyd lewe. So baie dinge wat in die Bybel vir die eindtyd voorspel is, is tans besig om om voor ons oë te gebeur. So is die Evangelie van Christus bykans onder al die nasies versprei. Die tekens waarvan Jesus in Matteus 24:1 vertel het, is besig om geweldig toe te neem, die natuur is deurmekaar, aardverwarming vind plaas, valse profete staan in massas op, satan raak al hoe meer arrogant, die leuen het absoluut oor die aarde oorgeneem en goed word as sleg voorgestel, en sleg as goed, die mense vertroetel hul plesiergod al meer, groot afvalligheid kom meer voor, die mens glo hy kan alles doen soos in die transhumanisme wat glo dat hulle die mens so kan verbeter dat hulle hulle eie god kan maak wat vir ewig kan lewe. Ons konsentreer in hierdie gedeelte op die mate wat die Evangelie in vandag se tyd oor die wêreld versprei het.

Vir bykans 1800 jaar was daar nie 'n groot tegnologiese ontwikkeling nie. Daar was wel met die industriële rewolusie 'n versnelling in ontwikkeling. Wat egter die laaste 200 jaar gebeur het is ongeken in die mens se geskiedenis. Dit is ondenkbaar dat die geweldige ontwikkeling mensgedrewe was. Dit is beslis 'n Goddelike ingryping. Dit is asof Jesus sê dat die hemelwoning wat Hy vir ons gaan voorberei het voordat Hy weer kom, bykans voltooi is. Dit is asof God net nog die finale inspeksie moet doen om vir Sy Seun die groenlig te gee dat Hy maar Sy bruid op die aarde kan gaan haal.

Baie mense, wat tans leef, kan getuig dat hulle kan onthou dat daar 'n tyd was wat hulle net draadlose gehad het as hoof inligtingsbron. Die meeste jongmense sal nie weet dat die radio of draadloos van die vroeë tyd, buise gehad het wat eers moes warm word voordat die radio kon begin werk het. Een ou oom vertel dat hy vir sy een en twintigste verjaarsdag 'n draagbare radio, 'n transistortjie, ontvang het. Dit was 'n tegnologiese wonderwerk teen die ou groot

radio's van die tyd. Die eerste televisie was 'n verdere wonderwerk wat deur nie baie mense bekostig kon word nie. Landlyn telefone, ja die wat vinnig besig is om uit te faseer, was op 'n heel ander basis bedryf as tans, byvoorbeeld: Jy moes vir langafstandoproepe, dit wil nou sê oproepe na mense buite jou dorp, eers die sentrale skakel, 'n oproep deur hulle doen en dikwels lank wag voor al die konneksies gemaak is. Daar is in die tyd gebruik gemaak van telegramme. Dit is amper iets soos 'n SMS boodskap vandag. Die enigste verskil was dat jy na die poskantoor toe moes gaan, die boodskap uitskryf, dit inhandig en dan het die poskantoor die boodskap na die ontvanger toe versend wie dit weer by die poskantoor moes gaan afhaal. Almal van die tyd was tevrede met die tegnologiese wonders van hulle tyd want dit is die beste wat hulle geken het. Later het sakrekenaars hulle verskyning gemaak. Hierdie wondermasjiene kon optel, aftrek, vermenigvuldig en deel. Toe het kinders op skool tafels geleer. Vir die moderne mens se inligting kan net gesê word dat memorisering 'n baie groot rol in daardie tyd gespeel het. So sou jy moes memoriseer dat nege vermenigvuldig met agt gelyk is aan twee en sewentig. Daar het toe nog nie eers 'n woord soos rekenaar bestaan nie.

In 'n skrale 70 jaar het al hierdie wonderlike tegnologiese ontwikkeling plaasgevind. Vandag bestaan daar 'n woord soos Transhumanisme, 'n vreemde woord vir 'n besondere tyd. Die mens het die woord geskep om sy eie ego te streel. Die woord beteken verby of na die menslike. Dit wil sê nadat God die mens gemaak het, het die mens besluit om op God se handewerk te verbeter. Hulle maak wel 'n bietjie gebruik van dit wat God geskep het, byvoorbeeld die brein, maar koppel dan die brein aan die gevorderdste rekenaars denkbaar om die menslike vermoë bykans onbeperk aan te vul, veral ten opsigte van geheue en spoed van berekening. Met die kloning van mense en die gepeuter met die menslike DNA glo die mens sal hy 'n supermens kan skep ver verheue bo wat God geskep het. So glo die mens van vandag dat hulle spoedig in staat sal wees om 'n mens vir ewig te laat lewe.



In hierdie menslike denkwyse maak hy egter een groot basiese denkfout. Die tegnologiese ontwikkeling van die afgelope eeu word deur die mens beskou as die breinkind van sy eie vermoëns. Die buitengewone ontwikkeling is egter deur God gegee met 'n spesifieke doel. God het dit gegee om Sy plan vir die eindtyd in werking te stel. Deur die moderne elektroniese tegnologie het God toegelaat dat die Evangelie, die Verlossingsboodskap vinnig kan versprei en alle mense kan bereik. Elke sekonde van die dag trek daar radiogolwe en elektroniese impulse om die aarde om elke plek op die aarde te bereik. Tientalle televisiestasies saai 24 uur per dag geestelik-godsdienstige programme uit, Daar is vandag televisiestasies wat deur geestelik-godsdienstige programme toegang tot potensieel 350 biljoen mense het, rofweg die helfte van die mense wat op die aarde woon. So word daar voortdurend deur die radio, televisie, rekenaar en selfone die evangelieboodskap uitgedra. Elke dag word aan verdere vertalings van die Bybel gewerk. Die bevolkings wat nog nie die Bybel of die Evangelie in hulle eie taal het nie, is vinnig besig om te krimp. Na raming is daar ongeveer 16,800 unieke groepe op die aarde. Dit wil sê groepe mens wat 'n eie taal en kultuur het. Dit is waaruit die 7.47 biljoen mense in 2018 op die aarde bestaan. Van hierdie groepe mense is 6900 tans onbereik. Die term onbereik moet gedefinieer word. Dit is 'n groep mense waarvan minder as 2% Jesus Christus as Verlosser aangeneem het. Van hierdie 6900 is 95% in die sogenaamde 10/40 venster. Van al die sendingwerk word net 10% aan hierdie groep gedoen. Dit is dus duidelik dat God besluit het om die proses aan te help deur van die media gebruik te maak. Toenemend rapporteer mense in hierdie groep dan ook dat Christus Hom persoonlik aan hulle geopenbaar het. Dit is asof God sê, as julle dit dan nie wil doen nie sal Ek dit doen. Tans is daar van die 16,800 genoemde groepe op die aarde 'n skrale 1510 wat nog nooit die evangelie van Jesus gehoor het nie. Dit is 'n skrale 46 miljoen mense uit 'n totaal van 747,000,000,000 mense op die aarde. Al wat dit vir ons sê is dat Jesus reeds op pad is. God sal verder sekerlik nie die arrogante mensdom toelaat om Hom te verneder en te verkleineer met hulle aansprake

op goddelikheid nie. Dit is die laaste stuiptrekkings van die sataniese magsvertoon op die aarde, voordat ons Jesus op die wolke kom

**Maranata, Maranata, Maranata- Kom gou Here!**

\*\*\*\*\*

## Deel 5: Wat moet ek doen om gered te word, Here?

Die natuurlike ongeredde mens is iemand wat vir homself leef. Hy is selfsugtig en eiewillig. Hy soek onafhanklikheid. Gewoonlik wil hy vir homself sekuriteit met geld probeer skep. Omdat hyself die belangrikste in sy lewe is, gaan dit vir so 'n mens oor sy eie gerief en plesier al is dit ten koste van ander. So 'n mens is ook dikwels 'n oneerlike mens en sal enigiets probeer wees of voorgee om te wees solank hy sy eie selfsugtige doelstellings kan bereik. In wese gaan dit vir so 'n mens daarvoor om homself te vergoddelik; ander moet na hom opsien, hom ag en respekteer, sy mag en invloed erken en voor sy gesag buig. Mag is gewoonlik die middel wat nagestreef word om die eie koninkryk in stand te hou. So 'n mens is sy eie god. Hy het geword wat satan vir die mens belowe het tydens die sondeval dat hy soos God sal kan wees. So 'n mens is dan vasgevang in hierdie leuen van satan en glo werklik dat hy iets en iemand is. Die enigste liefde in so 'n mens se lewe is selfliefde.

Hoe kan so 'n mens by God uitkom en gered word as alles wat hy is oor homself gaan? Jesus het mos gesê: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg (Mat.10:38).*

1. Net 'n wonderbaarlike ingyping van genade kan so 'n omkeer bewerkstellig. Hierdie ingryping kan verskillende vorms aanneem. Dit sal egter altyd God wees wat in Sy wonderlike erbarming oor 'n sondaar dit inisieer en tot stand bring. God sal 'n mens nooit dwing om Hom bo die self te aanvaar nie maar Hy kan geleentheid daartoe skep sodat die mens self 'n keuse sal moet uitoefen wie hy wil dien; self of God. Dikwels sal dit ander mense se gebede vir 'n roekelose sondaar wees wat hom tot besinning oor sy eie lewe sal bring. God kan in Sy barmhartigheid gebede vir 'n sondaar verhoor en 'n sagtheid in 'n harde selfsugtige mens se lewe bring en so openheid skep vir die aanvaarding van Jesus as Verlosser. Die een wat bid se bedes kan op verskillende

maniere beantwoord word. Dit mag wees dat God 'n persoon se aandag kry wanneer Hy toelaat dat teenspoed op die persoon se pad kom. Dalk net een swak besigheidsbesluit wat die rykdom van 'n persoon uitwis. Dit sal dikwels in die onverskillige persoon se opvoeding van sy kinders ook nie ideaal verloop nie. So 'n kind kan baie hartseer vir 'n ouer veroorsaak en daartoe lei dat so 'n ouer uit desperaatheid by God hulp begin soek. Persoonlike probleme soos egskeiding en huweliksontrou wat maklik by die ongelowige plaasvind kan ook tot eensaamheid en 'n uitreik na God lei. Dit mag ook wees dat God in Sy groot goedheid 'n gebed vir 'n verlore sondaar verhoor deur bloot in sy hart 'n bewustheid van sy verlore toestand toe te laat, hom die sinloosheid van sy bestaan te laat beseef, God se goedheid en grootheid aan hom openbaar, net in sy hart 'n sagte gewilligheid skep om die Heilige Gees se influistering te begin hoor. Die lewe het 'n geneigdheid om 'n mens stadig maar seker uit te skut totdat jy later genadiglik by die wesentlike van die lewe uitkom.

2. Wanneer daar in die harde sondaarhart iets van 'n behoefte ontstaan om meer van God en minder van die self te ontvang, is die grond geploeg om die eerste saadjie van God se genade te begin saai. Daar sal gewoonlik 'n onvergenoegdheid met die huidige lewe ontstaan en 'n behoefte aan iets beter. Dalk sal 'n vriend of 'n familielid 'n rol speel in hierdie proses wanneer die verlore persoon iets in die ander sien wat hy vir homself begeer; iets soos liefde, vergifnis, omgee, ordentlikheid of integriteit.
3. Wanneer die sondaarhart so 'n behoefte begin ervaar, miskien soos jy toe jy hierdie ou boekie begin lees het, is dit tyd om die regte inligting te kry oor hoe Jesus is, Wie Hy is, wat Hy op die aarde kom doen het, waarom Hy dit kom doen het en hoe Sy dood en opstanding tot jou redding kan lei. Die beste bron om hierdie inligting te bekom is die Bybel. Dit sal goed wees om die Evangelies te begin lees. Dit is die eerste vier boeke

van die Nuwe Testament, die tweede deel van die Bybel. Vier persone vertel hier uit verskillende ervaringshoeke van Jesus se koms na die aarde toe.

Omdat dit soms moeilik kan wees om alles goed te verstaan is dit nodig om met mense wat jy vertrou en vir wie jy respek het omdat hulle met Jesus wandel, oor die dinge te praat wat jy nie so goed verstaan nie. Probeer om gereeld die Bybel te lees, daarvoor te dink, soms dele te memoriseer as dit vir jou mooi is. Dit is egter ook belangrik soos jy vir Jesus beter leer ken om met Hom te begin praat. Hy is altyd beskikbaar en Hy is vol liefde vir jou. Sê vir Hom waarmee jy sukkel en wat jy nie mooi verstaan nie. Soos jy Jesus beter leer ken sal jy al meer 'n behoefte aan 'n beter verhouding met Hom begin ervaar. Jy sal ook meer bewus word van die dinge in jou lewe waarvan Jesus nie hou nie.

4. Daar sal 'n dag kom wat jy vir Jesus sal kan sê dat jy nou weet dat Hy die Seun van God is. Dat jy weet dat Hy na die aarde toe gekom het om in jou plek vir al jou verkeerde dinge wat jy gedoen het te kom betaal. Dan sal jy ook vir hom kan sê dat jy so dankbaar daarvoor is en dankbaar is vir alles wat Hy vir jou gedoen het, Dat jy veral dankbaar is dat Hy bereid was om in jou plek vir al die verkeerde dinge gestraf te word. Dan sal jy sommer vir Hom kom sê van al die dinge wat verkeerd is in jou lewe, dat jy dit nou wil los, dat jy glo dat Hy daarvoor geboet het, dat jy Sy verlossing vir jouself aanvaar en dat jy nou weet dat jy vir ewig by hom sal lewe omdat Hy uit die dood opgestaan en. Jy sal ook vir Hom dankie sê dat Hy opgevaar het en by God is waar Hy vir jou intree elke keer as jy iets verkeerd doen omdat jy nou Sy kind geword het, 'n kind vir wie Hy baie lief is.
5. Dan sal jy die behoefte ervaar om jou te laat doop sodat jy daardeur vir die wêreld wil wys dat die ou mens dood is, afgewas is en dat jy nou opstaan uit die water in 'n nuwe lewe saam met Jesus.

6. Iets wonderbaarliks sal dan met jou gebeur, dalk dadelik of dalk later maar jy sal die Heilige Gees van God en Jesus in jou lewe ontvang. Hy sal jou lewe nuut maak, jou krag gee om ander in liefde te dien en vir God ons Vader, Jesus ons Verlosser en die Heilige Gees se kragtige inwoning altyd dankbaar te wees.
7. Jou nuwe lewe het begin. Dit mag dalk nodig wees dat jy weer 'n spesiale invulling van die Heilige Gees nodig sal hê soos daar nuwe uitdagings op jou lewenspad sal kom. Hy woon in jou en indien jy met Hom wandel, Hom toelaat om jou te lei, te beheer en te bestuur soos Galasiërs 5 dit so mooi vir ons stel, sal die vrug van Sy inwoning jou deel wees en sal jy die vrug van Sy inwoning vir ander beskikbaar maak. So sal ander dan kan eet van Sy ***Liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, goedhartigheid, geduld, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*** So sal jy reeds nou iets van die Goddelike saligheid, waarin jy vir ewig sal deel, begin ervaar.

**Mag dit jou deel wees.**

\*\*\*\*\*

## Bronnelys

Alle Bybelverwysings kom uit: *Die Bybel in Afrikaans-Nuwe Vertaling, Goue Jubileum – Uitgawe. 1933-1983 uitgawe. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kaapstad*, tensy anders vermeld.

1. **Van der Walt, Jan (Red.).** *Die Bybel A-Z. Christelike Uitgewersmaatskappy.* 2003.
2. **Gispen, W.H en andere.** *Bybelse Ensiklopedie. Tweede Hersiene Uitgawe. Eerste Deel. Verenigde Protestantse Uitgewers Kaapstad.* 1977.
3. **Vosloo Will e.a.** *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Christelike Uitgewersmaatskappy.* 1993
4. *Amplified Bible. Zondervan Publishing House.* 1987 **Lockman Foundation.**
5. *Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid- Afrika.* 1957.
6. **Miyndart, Felix A.** *Afrikaanse Bybelkonkordansie. Lux Verbi.* 2012. 1975 **Ou Vertaling.** 1983 **Nuwe Vertaling.**
7. **Fowler, P.G and Fowler, H.W.** *The Pocket Oxford Dictionary of current English. Oxford at the Clarendon Press.* 1970.
8. **Torrey, R.A.** *Die Heilige Gees. Wie Hy is en wat Hy doen. Hart – Kolportasie-Boekery.* 1973
9. **Murray, Andrew.** *Ontdek die Geesvervulde Lewe! Verenigde Gereformeerde Uitgewers, drukdatum onbekend.*
10. **Buchan, Angus.** *Die krag van die Heilige Gees. Christelike Uitgewersmaatskappy.* 2013.

**Kopiereg: Joas Natan**

**Gedruk en Gepubliseer in Suid-Afrika in 2020**

**ISBN : 978-1-990931-12-3**

**Teksredigeerder: A. Oosthuizen**

**Skrifaaanhalings is uit die Bybel, 1983 vertaling, of waar dit anders  
aangedui word.**

**Alle regte word voorbehou. Hierdie publikasie mag nie op enige manier,  
elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames of in enige vorm in  
'n bewaring- en herwinningsstelsel gereproduseer word sonder die  
uitdruklike vergunning van die skrywer nie.**

**Meer gratis e-boeke: <https://joasnatan.co.za>**